RES 9

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE REHABILITASIE VAN KLEURLINGJEUGOORTREDERS

*'n Opvolgstudie van 'n groep oud-leerlinge van die Porterverbeteringskool van 1953-1955*

*Deur*

C. F. van der Merwe

NAVORSINGSREEKS Nr. 9

001.3072068 RES 9 NBSR

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

G.P.-S.3880521—1963-64—300.

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 NBSR<br>RES 9 | 36375/8 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

36375/8

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

M … vat
deur … rorsing
aange… an manlike
jeugo… l, afge-
sluit. … reders
(Nr. … . 8 van
die B…

Di… velke
perse… ol vir
manli… rigting
onder… ord.
Die a… e ver-
slag g… van
die ag…

Aa… lp wat
deur … ro graag
sy dan… Tweedens
'n woo… e nodige
goedk… ens
word … vir
hul sa…

P.M. Robbertse.
DIREKTEUR

11 April 1963.

000055237 2

2844363866

001.3072068 NBSR RES 9

*055237*

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE REHABILITASIE VAN KLEURLINGJEUGOORTREDERS

'n Opvolgstudie van 'n Groep Oud-leerlinge van die Porterverbeteringskool van 1953-1954

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1977-11-24
STANDKODE 001.3072068 NBSR
REGISTERNOMMER RES 9
36375
8
BESTELNOMMER
G

C.F. VAN DER MERWE
Senior Vakkundige Beampte

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

Navorsingsreeks Nr. 9

# INHOUDSOPGAWE

| | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| HOOFSTUK 1 | INLEIDING | | |
| | 1.1 | Doel | 1 |
| | 1.2 | Die ondersoekgroep | 1 |
| | 1.3 | Die versameling van die gegewens | 2 |
| | 1.4 | Die indeling van die verslag | 2 |
| HOOFSTUK 2 | DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN BEHANDELINGSMETODES VAN DIE PORTERVERBETERINGSKOOL | | |
| | 2.1 | Die ontstaan van die Porterverbeteringskool | 4 |
| | 2.2 | Die rehabilitasieprogram | 5 |
| | 2.3 | Samevatting | 8 |
| HOOFSTUK 3 | DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE 426 KLEURLINGJEUGOORTREDERS | | |
| | 3.1 | Ouderdom | 9 |
| | 3.2 | Kerkverband | 10 |
| | 3.3 | Onderwyspeil | 10 |
| | 3.4 | Beroepsarbeid | 11 |
| | 3.5 | Woonplek | 12 |
| | 3.6 | Samevatting | 13 |
| HOOFSTUK 4 | DIE GESINSAGTERGROND VAN DIE KLEURLINGJEUGOORTREDERS | | |
| | 4.1 | Gesinsonvolledigheid | 14 |
| | 4.2 | Buite-egtelikheid | 17 |
| | 4.3 | Gesinsgrootte | 18 |
| | 4.4 | Geboorterangnommer | 19 |
| | 4.5 | Sedelike peil van die ouers | 20 |
| | 4.6 | Ekonomiese agtergrond | 22 |
| | 4.7 | Inrigtingsversorging en ondertoesigstelling by die broers en susters van die oortreders | 23 |
| | 4.8 | Woningtoestand | 24 |
| | 4.9 | Samevatting | 25 |

2/.........

BLADSY

HOOFSTUK 5 WANGEDRAG, STRAF EN BEHANDELING VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

5.1 Anti-sosiale gewoontes 27

5.2 Misdaad 31

5.3 Bestrawwing deur die howe weens misdaad 33

5.4 Inrigtingsversorging 35

5.5 Samevatting 37

HOOFSTUK 6 VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

6.1 Maniere van verwysing 38

6.2 Misdaad waarvoor verwys 39

6.3 Oorplasing 41

6.4 Samevatting 41

HOOFSTUK 7 DIE OORTREDER IN DIE VERBETERINGSKOOL

7.1 Inrigtingsoortredings 42

7.2 Misdade gepleeg terwyl die oortreders nog in die inrigting was 45

7.3 Weglopery 46

7.4 Mislukte uitplasing met vergunning 50

7.5 Onderwyspeil van die Kleurlingjeugoortreders by verlating van die inrigting 52

7.6 Finale verlating van die inrigting 53

7.7 Samevatting 56

HOOFSTUK 8 DIE SUKSES EN MISLUKKING VAN DIE OORTREDERS NA VERLATING VAN DIE VERBETERINGSKOOL

8.1 Die opvolgperiode 58

8.2 Die kriteria 59

8.3 Die bevindings in die lig van die kriteria 60

8.4 Die omvang en aard van die misdaad deur die residiviste gepleeg 61

8.5 Die tydperk tussen verlating van die inrigting en die eerste skuldigbevinding 62

8.6 Samevatting 63

BLADSY

HOOFSTUK 9 DIE VERBAND TUSSEN DIE AGTERGRONDSFAKTORE EN SUKSES EN MISLUKKIG BY KLEURLINGJEUGOORTREDERS VAN DIE PORTERVERBETERINGSKOOL

9.1 Faktore wat met sukses en mislukkig verband toon 65

9.2 Faktore wat geen verband met sukses en mislukking toon nie 67

9.3 Samevatting 68

BYLAE 1 DIE CHI-KWADRAATBEREKENINGS OM VERBAND TUSSEN FAKTORE EN SUKSES EN MISLUKKING TE BEPAAL 69

BYLAE 2 DIE MAATSKAPLIKE FAKTORE TEN OPSIGTE VAN DIE OORTREDERS VOLGENS DIE KRITERIUMGROEPE VAN SUKSESSE EN MISLUKKINGS VERSPREI 71

LITERATUURLYS 83

TABELLE


| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1 | DIE OUDERDOM VAN DIE OORTREDERS BY EERSTE OPNAME IN DIE VERBETERINGSKOOL | 9 |
| 3.2 | DIE KERKVERBAND VAN DIE OORTREDERS | 10 |
| 3.3 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE OORTREDERS BY TOE-LATING TOT DIE VERBETERINGSKOOL | 11 |
| 3.4 | DIE AARD VAN DIE BEROEPSARBEID VAN DIE OOR-TREDERS ONMIDDELLIK VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL | 11 |
| 3.5 | DIE WOONPLEK VAN DIE OORTREDERS | 12 |
| 4.1 | DIE OMVANG VAN GESINSONVOLLEDIGHEID IN DIE GESINNE WAARUIT DIE OORTREDERS KOM | 15 |
| 4.2 | DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE EIE VADER VAN DIE OORTREDERS UIT DIE GESIN | 15 |
| 4.3 | DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE EIE MOEDER VAN DIE OORTREDERS UIT DIE GESIN | 16 |
| 4.4 | DIE AANWESIGHEID VAN STIEFOUERS IN DIE GESINS-AGTERGROND VAN DIE OORTREDERS | 17 |
| 4.5 | DIE GEBOORTESTATUS VAN DIE OORTREDERS | 17 |
| 4.6 | DIE KINDERTAL VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE OOR-TREDERS KOM | 18 |
| 4.7 | DIE GEBOORTERANGNOMMER VAN DIE OORTREDERS | 19 |
| 4.8 | DRANKMISBRUIK BY DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS | 21 |
| 4.9 | MISDADIGHEID BY DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS | 21 |
| 4.10 | DIE EKONOMIESE STATUS VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE OORTREDERS KOM | 22 |
| 4.11 | INRIGTINGSVERSORGING OF ONDERTOESIGSTELLING VAN ANDER KINDERS BEHALWE DIE OORTREDERS IN DIE GESINNE WAARUIT LAASGENOEMDE KOM | 23 |
| 4.12 | DIE TIPE INRIGTINGSBEHANDELING ASOOK TOESIG WAT DIE BROERS EN SUSTERS VAN DIE OORTREDERS ONDERGAAN HET | 24 |
| 4.13 | DIE TOESTAND VAN DIE TUISTE VAN DIE OORTREDERS | 25 |


2/........

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAI BY DIE OORTREDERS | 27 |
| 5.2 | DIE VOORKOMS VAN WEGLOPERY VANUIT DIE OUERTUISTE BY DIE OORTREDERS | 28 |
| 5.3 | DIE OMGANG MET SLEGTE OF SWAK MAATS BY DIE OORTREDERS | 28 |
| 5.4 | DIE VOORKOMS VAN LEEGLÊERY EN/OF WERKVERLATING BY DIE OORTREDERS | 29 |
| 5.5 | DIE VOORKOMS VAN ONBEHEERBAARHEID ONDER DIE OORTREDERS | 30 |
| 5.6 | DIE VOORKOMS VAN DRANKMISBRUIK ONDER DIE OORTREDERS | 30 |
| 5.7 | DIE VOORKOMS VAN DAGGAROOK BY DIE OORTREDERS | 31 |
| 5.8 | VORIGE OORTREDINGS BY 395 OORTREDERS | 32 |
| 5.9 | DIE GETAL SKULDIGBEVINDINGS DEUR 'N HOF VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL | 33 |
| 5.10 | DIE GETAL OORTREDINGS WAAROP DIE OORTREDERS VOOR VERWYSING IN 'N HOF SKULDIG BEVIND IS | 33 |
| 5.11 | DIE OUDERDOM VAN 395 OORTREDERS MET HUL EERSTE VERSKYNING VOOR 'N HOF | 34 |
| 5.12 | DIE TYDPERK TUSSEN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING EN VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL VAN 395 OORTREDERS | 34 |
| 5.13 | DIE GETAL INRIGTINGS WAARIN DIE OORTREDERS VERSORG IS | 35 |
| 5.14 | DIE TIPE INRIGTINGS WAARIN DIE 71 BETROKKE OORTREDERS BEHANDEL IS | 36 |
| 5.15 | DIE OUDERDOM WAAROP 71 OORTREDERS UIT HUL OUERTUISTES VERWYDER EN NA INRIGTINGS VERWYS IS | 36 |
| 5.16 | DIE TYDPERK WAT DIE 71 OORTREDERS IN VERSKILLENDE INRIGTINGS VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL AANGEHOU IS | 37 |
| 6.1 | DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS IN DIE ONDERHAWIGE ONDERSOEK NA DIE VERBETERINGSKOOL VERWYS IS | 39 |
| 6.2 | DIE AARD VAN MISDAAD VOLGENS GETAL AANKLAGTE BY 401 OORTREDERS WAT AS GEVOLG VAN MISDAAD TOT DIE VERBETERINGSKOOL GEVONNIS OF OORGEPLAAS IS | 40 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 7.1 | DIE GETAL INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR DIE OORTREDERS TYDENS HUL VERBLYF IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN | 43 |
| 7.2 | DIE AARD VAN DIE INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR 400 OORTREDERS TYDENS HUL VERBLYF IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN | 43 |
| 7.3 | DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN STRAFKOSHUISE AANGEHOU IS | 44 |
| 7.4 | DIE GETAL OORTREDINGS WAT DEUR LEERLINGE WAT NOG ONDER DIE DIREKTE BEHEER VAN DIE INRIGTING WAS, GEPLEEG IS | 45 |
| 7.5 | DIE MISDADE WAT DEUR 54 OORTREDERS GEPLEEG IS TERWYL HUL NOG IN DIE INRIGTING WAS | 46 |
| 7.6 | DIE OMVANG VAN WEGLOPERY UIT DIE INRIGTING BY DIE OORTREDERS | 46 |
| 7.7 | DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN VRYHEID VERKEER HET TUSSEN WEGLOPERY EN HEROPNAME | 47 |
| 7.8 | DIE TOTALE TYDPERK DEUR 252 OORTREDERS IN VRYHEID DEURGEBRING AS GEVOLG VAN EEN OF MEER GEVALLE VAN WEGLOPERY | 48 |
| 7.9 | DIE GETAL AANKLAGTE WAAROP 252 WEGLOPERS SKULDIG BEVIND IS | 48 |
| 7.10 | DIE MISDADE GEPLEEG DEUR 123 WEGLOPERS WAT WEER IN DIE VERBETERINGSKOOL OPGENEEM IS | 49 |
| 7.11 | DIE VOORKOMS VAN MISLUKTE UITPLASING MET VERGUNNING BY OORTREDERS | 50 |
| 7.12 | DIE GETAL AANKLAGTE WAAROP 278 OORTREDERS WAT MET VERGUNNING UITGEPLAAS WAS, SKULDIG BEVIND IS TYDENS TYDPERK VAN VERGUNNING | 51 |
| 7.13 | DIE MISDADE GEPLEEG DEUR 75 OORTREDERS GEDURENDE DIE TYDPERK VAN MISLUKTE VERGUNNING | 52 |
| 7.14 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE OORTREDERS BY VERLATING VAN DIE INRIGTING | 52 |
| 7.15 | DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS DIE VERBETERINGSKOOL VERLAAT HET | 54 |
| 7.16 | DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL AANGEHOU IS | 55 |
| 7.17 | DIE OUDERDOMME VAN DIE OORTREDERS BY FINALE VERLATING VAN DIE INRIGTING | 56 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 8.1 | DIE GROEP OORTREDERS VOLGENS DIE KRITERIA VERDEEL | 60 |
| 8.2 | DIE GETAL OORTREDINGS GEDURENDE DIE OPVOLG-PERIODE VAN VYF JAAR DEUR 342 RESIDIVISTE GE-PLEEG | 61 |
| 8.3 | DIE AARD VAN MISDAAD VOLGENS AANKLAGTE EN DEELNAME VAN 342 RESIDIVISTE | 62 |
| 8.4 | DIE TYDSDUUR VANAF VERLATING VAN DIE VER-BETERINGSKOOL TOT EERSTE SKULDIGBEVINDING VAN 342 RESIDIVISTE | 63 |
| 9.1 | DIE FAKTORE WAT MET SUKSES EN MISLUKKING VERBAND TOON | 65 |
| 9.2 | DIE FAKTORE WAT GEEN VERBAND MET SUKSES EN MISLUKKING TOON NIE | 67 |

# HOOFSTUK I

# INLEIDING

## 1.1 DOEL

In aansluiting by die opvolgstudies van Bantoejeugoortreders van die Diepkloofverbeteringskool [1] en die Blanke jeugoortreders van die Constantiaverbeteringskool [2] wat reeds voltooi is, handel hierdie ondersoek oor die resultate wat met die behandeling van 'n groep manlike Kleurlingjeugoortreders in die Porterverbeteringskool behaal is.

In die ondersoek is ook gepoog om vas te stel wat die maatskaplike agtergrond, die gedrag voor opname , en sowel die behandeling as die straf wat die oortreders ontvang het, was, voor hul verwysing tot die verbeteringskool. Verder is ook aan die behandeling en gedrag in die inrigting aandag gegee en daar is bepaal of daar enige verband tussen sukses of mislukking en die bogenoemde faktore bestaan.

## 1.2 DIE ONDERSOEKGROEP

In die twee ondersoeke wat hierbo vermeld is, is daar van opvolgperiodes van vyf jaar na verlating van die inrigting gebruik gemaak. Om dus vergelykbare gegewens vir sowel die twee plaaslike as ander oorsese ondersoeke waar opvolgtydperke van ongeveer vyf jaar die algemeenste gebruik is, te verkry, asook om redeswat in hoofstuk 8 bespreek word, is in hierdie ondersoek ook op 'n opvolgtydperk van vyf jaar na ontslag besluit. Vyf jaar na die laaste datum van ontslag sou dus beteken dat die misdaadrekords (S.A.P.69) wat deur die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro gehou word, vir die betrokke leerling aan die begin van 1961 toe met die ondersoek begin is, aangevra sou kon word.

Uit die jaarverslae van die inrigting vir ongeveer bogenoemde tydperk, is vasgestel dat meer as honderd leerlinge die inrigting jaarliks op welke wyse ookal verlaat en dus sou 'n groot genoeg steekproef verkry word indien al die leerlinge wat die inrigting oor 'n tydperk van drie jaar verlaat, in die ondersoek opgeneem word. Om dus 'n opvolgperiode van minstens vyf jaar te kon toelaat, is alle leerlinge wat die inrigting vanaf 1 Januarie 1953 tot 31 Desember 1955 verlaat het, in die steekproef opgeneem.

Die oortreders wat werklik minder as ses maande in die inrigting was, is nie in die ondersoekgroep ingesluit nie, omdat die tydperk as te kort beskou is vir die leerling om suksesvol by die inrigtingsbehandeling en -opleiding ingeskakel te word. Nadat hiervoor voorsiening gemaak is, het die steekproef op 426 leerlinge te staan gekom.

---

1) Venter, J.D.: Die Rehabilitasie van Bantoejeugoortreders, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks Nr. 6, 1960.

2) Lötter, J.M.: Die Rehabilitasie van Blanke jeugoortreders, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks Nr. 8, 1961.

Daardie oortreders wat as gevolg van swak gedrag, herhaalde weglopery en so meer van die nywerheidskool of ander inrigtings na die verbeteringskool oorgeplaas is en nooit weens 'n misdaad in die hof skuldig bevind is totdat hulle die inrigting verlaat het nie, is ook buite rekening gelaat, want hulle misdaadrekords, indien hulle wel binne die opvolgperiode misdaad gepleeg het, sou nie in die rekords van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro opgespoor kon word nie. Die ondersoekgroep bestaan dus slegs uit daardie oortreders wat ses maande of langer in die verbeteringskool was en wat na skuldigbevinding aan 'n misdaad na die verbeteringskool gestuur is.

## 1.3 DIE VERSAMELING VAN DIE GEGEWENS

Soos in die ondersoeke van J.D. Venter en J.M. Lötter asook in baie ander ondersoeke na die mate van sukses wat deur 'n straf- en behandelingsprogram met oortreders behaal word, is hierdie ondersoek beplan en deurgevoer nadat die oortreders wat in die ondersoekgroep ingesluit is, reeds die inrigting verlaat het.

Om volledige inligting vir hierdie ondersoek te kon verkry, sou dit noodsaaklik gewees het om met al die oortreders in die ondersoekgroep in aanraking te kom. Dit was egter onmoontlik, aangesien al die oortreders aan die begin van hierdie ondersoek die inrigting reeds vyf tot sewe jaar tevore verlaat het. Dit sou 'n onmoontlike taak wees om al die oortreders na verloop van bogenoemde tydperke op te spoor.

Die gegewens waarvan gebruik gemaak is, was dié in die persoonlike lêers van die oortreders wat deur die inrigting daarop nagehou word, asook die misdaadrekords (S.A.P. 69) wat deur die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro gehou word. Laasgenoemde rekords toon onder andere die aard van die oortredings, aantal aanklagte en vonnisse vir die oortreder se hele misdaadloopbaan aan.

Om die misdaadrekords van die oortreders te kon opspoor, was dit nodig om van die identifikasiegegewens soos die dossiernommer, kriminele rekordnommer, vingerafdrukklassifikasie- en die vingerafdruknommer, van elke oortreder te verkry. Deur middel van navrae by etlike howe en gegewens wat van die Departement van Gevangenisse verkry is, is die identifikasiegegewens van die 426 oortreders in die ondersoekgroep verkry en is die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro in staat gestel om die misdaadrekords op te spoor.

Die metode wat gebruik is om vas te stel watter van die faktore met sukses en mislukkig verband hou, word in hoofstuk 9 bespreek.

## 1.4 DIE INDELING VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk 2 word die ontstaan en ontwikkeling van die Porter-verbeteringskool kortliks bespreek. Die rehabilitasieprogram soos dit ten tye van die ondersoek toegepas is, word ook kortliks uiteengesit. Hoofstuk 3 word gewy aan 'n paar algemene kenmerke van

die Kleurlingjeugoortreders, terwyl die gesinsagtergrond van die oortreders in hoofstuk 4 bespreek word.

Die wangedrag en die straf en behandeling wat die oortreders ondergaan het voor hulle verwysing na die verbeteringskool, word in hoofstuk 5 uiteengesit. Die verwysing van die jeugoortreders na die verbeteringskool en die oorsake van sodanige verwysing word in hoofstuk 6 bespreek.

In hoofstuk 7 word die gedrag en vordering van die oortreders terwyl hulle in die inrigting was, uiteengesit, terwyl hoofstuk 8 handel oor die kriteria van sukses en mislukking en die bevindings gesien in die lig van die kriteria.

Hoofstuk 9 handel oor die faktore wat met sukses en mislukking verband hou. In dié hoofstuk word ook bylaes gegee waarin die gegewens wat in die hoofstuk bespreek word, vervat is.

# HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN BEHANDELINGS-METODES VAN DIE PORTERVERBETERINGSKOOL

### 2.1 DIE ONTSTAAN VAN DIE PORTERVERBETERINGSKOOL [1)]

Deur die promulgering van die "Reformatory Institution Act" in 1879, is die nodige wetgewing vir die totstandkoming van 'n verbeteringskool in Suid-Afrika daargestel. Hierdie wet is deur William Porter, 'n destydse prokureur-generaal in die Kaapprovinsie, geïnspireer. In sy testament het Porter R40,000 aan die Koloniale Regering bemaak op voorwaarde dat die geld gebruik moes word vir die oprigting van een of meer verbeteringskole met die doel om voorsiening te maak vir jeugdiges wat in tronke aangehou word. Met die skenking het die Staat die Valkenburg-landgoed aangekoop en is 'n inrigting vir die aanhouding van jeugmisdadigers daar opgerig.

In 1882 is die Porterverbeteringskool deur Proklamasie No.11 van 1882 in die Staatskoerant van 27 Januarie 1882 geproklameer. Daar is reeds in die vorige jaar 'n Raad van Beheer aangestel om die bestuur en onderhoud van die inrigting te behartig. Hierdie Raad van Beheer het kontrole oor die inrigting behou tot in 1889 waarna die kontrole van die inrigting en van die Porterbemaking oorgegaan het na die Staat.

Gedurende 1890 word die Porterverbeteringskool na die Tokai-landgoed oorgeplaas. Dit is gedoen nadat besluit is om die kranksinniges wat voorheen in tronke aangehou is, in die Valkenburg-inrigting te huisves.

Na die oorname van die inrigting deur die Staat is verskeie verbeterings wat betref die administrasie- en behandelingsmetodes ingevoer. Die maksimum ouderdom van aanhouding is verhoog van 16 jaar tot 18 jaar. Blankes is in 1893 van die nie-Blankes geskei wat slaap, eet, skool- en vakopleiding betref, alhoewel dit reeds in 1891 deur 'n komitee aanbeveel is.

Aan die begin van hierdie eeu was die Porterverbeteringskool nog die enigste in die land en het die ander provinsies toestemming ontvang om jeugoortreders daarheen te stuur.

Met die aanname van Wet 13 van 1911 waarin die vorige wette vervat is, word die verskillende rasse in die inrigting van mekaar geskei. Die Blanke jeugoortreders word in 1912 oorgeplaas na Houtpoort in Transvaal en die jeugdige volwassenes na die Breekwatergevangenis, terwyl die volwassenes in laasgenoemde inrigting na die Roelandstraatse tronk oorgeplaas is.

5/.......

1) Die gegewens vir hierdie afdeling is hoofsaaklik verkry uit die Prinsipaal van die Porterverbeteringskool se verslag vir 1954.

Die ou Porterverbeteringskool op Tokai word ingerig as die inrigting vir die jeugdige Kleurlinge onder 16 jaar en die ou tronk naby die herehuis word die inrigting vir jeugdige volwassenes bo 16 jaar. Die Tokaitronk waar die huidige Constantiaverbeteringskool is, het tot in 1922 nog as tronk diens gedoen. In daardie jaar is dit as tronk gesluit en die fasiliteite gebruik vir 'n Blanke verbeteringskool waarheen die jeugdige volwassenes vanuit die ou Breekwatergevangenis oorgeplaas kon word. Twee verbeteringskole het nou op een landgoed bestaan.

Tot met die oorname van die verbeteringskole in 1935 deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, het hulle onder die jurisdiksie van die Departement van Justisie gestaan. Tot aan die einde van 1943 is die twee verbeteringskole op Tokai deur een hoof of prinsipaal beheer, maar vanaf 1 Januarie 1944 word hulle afsonderlike inrigtings, elk met sy eie prinsipaal. Die een vir Blankes sou bekend staan as die Constantiaverbeteringskool en die een vir Kleurlinge as die Porterverbeteringskool. Vanaf 1947 is die Indiërjeugoortreders wat vanaf 1911 saam met die Bantoes in die Diepkloofverbeteringskool gehuisves is, ook na die Porterverbeteringskool gestuur. Op 1 Januarie 1959 is laasgenoemde inrigting na die Departement van Kleurlingsake oorgedra.

## 2.2 DIE REHABILITASIEPROGRAM [1)]

Die Porterverbeteringskool poog om met sy rehabilitasieprogram nie net handvaardigheid van die leerling te verhoog nie, maar om sy hele persoonlikheid te hervorm om sodoende te verseker dat die oortreder na sy vrylating maklik by die samelewing kan inskakel.

### 2.2.1 Skoolonderrig

Die inrigting maak voorsiening vir onderrig vanaf die grade tot standerd sewe. Alle klasse, behalwe een, ontvang onderrig deur middel van die klassikale metode. Indiwiduele onderrig word aan leerlinge van een klas wat meer aandag verg, gegee.

Elke onderwyser is verantwoordelik vir twee klasse wat gedurende die oggend- en middagsessies roteer tussen skool en werkswinkel. Aan die ongeveer 400 skoolgaande leerlinge in 1954 is weekliks 'n totaal van 83 sessies aan onderwys gewy teenoor 'n ooreenstemmende 159 sessies aan ambagsopleiding. Na gelang van die gehalte of standaard van elke klas, wissel die getal sessies vir skool- en ambagsonderrig.

Uit die Jaarverslag van die Porterverbeteringskool vir 1954 blyk dat ongeveer 80% van die skoolgaandes 'n laer standaard as standerd III het. Die inrigting is dus hoofsaaklik toegespits op die bybring van lees-, skryf- en rekenvermoë. Aangepaste leerplanne wat in die spesiale behoeftes van die inrigting se leerlinge voorsien, word gebruik.

6/........

[1)] Die rehabilitasieprogram wat hier bespreek word, is soos dit van toepassing was vir die jare 1953 tot 1955, die jare toe die ondersoekgroep in die inrigting was.

Namate die leerlinge vorder, word meer tyd aan essensiële vakke soos Rekene, Skrif, Lees en eksamenvakke as aan nie-essensiële vakke soos Spaarsin, Gesondheidsleer, Sang, Liggaamsopvoeding, ens. gewy.

"Nadat die kind dus die basiese beginsels van lees, skryf en reken bemeester het, word die leerveld verbreed om algemene karakterbou en verstandsgesondheid te bevorder. Hierdie afdeling moet noodwendig later weer ingekort word teneinde op eksamenvakke te konsentreer" (28, bl. 56).

Omdat daar so 'n hoë mobiliteit van leerlinge bestaan en daar selde 'n homogene groep in elke klas is, "kan daar nie veel sprake wees van 'n geïntegreerde reeks klasse waar gekonsentreer word op die logiese opbouing van kennis met die oog op gestadige ontplooiing van die leerling nie. Die klas kan ook nouliks as 'n eenheid behandel word en noodsaak die onderwyser om gedurige indiwiduele aandag aan sommiges te gee" (28, bl. 60).

In die skool word baie gebruik gemaak van hulpmiddels soos die epidiaskoop, strokies en gewone opvoedkundige films.

### 2.2.2 Tegniese onderrig

Die tegniese onderrig wat die leerlinge in die inrigting ontvang, is een van die vernaamste aspekte in die beplande rehabilitasieprogram. Die leerlinge word voorsien van gespesialiseerde kennis en vaardighede wat hulle van 'n goeie loopbaan kan verseker. Die werklike waarde van die tipe onderrig lê in werklikheid dieper as net die verkryging van kennis en vaardigheid deurdat daar ook bykomstige opvoedkundige waarde in is. Behalwe vir die kennis en vaardighede is ambagsopleiding ook 'n waardevolle metode om by die leerlinge die waarde en genot van skeppende werk tuis te bring. Die ervaring om besig te wees aan 'n taak wat as afgeronde eenheid tentoongestel kan word, skep nuwe lewenservaringe en waardes wat tot 'n algemene uitbreiding van die persoonlikheid lei. Ambagsopleiding, net soos skolastiese opleiding, dien dus as belangrike hulpmiddel in die uitbouing van die persoonlikheid.

Die inrigting beskik oor fasiliteite vir opleiding in die volgende rigtings:

1. Kleremakery
2. Skoenmakery
3. Skilder
4. Skrynwerk
5. Plaatmetaalwerk
6. Messel- en bouwerk
7. Kuipery
8. Tuinbou

7/........

2.2.3 Sielkundige behandeling

Drie onderwyser-sielkundiges is aan die inrigting verbonde. Die sielkundige afdeling is verantwoordelik vir die afneem van sielkundige toetse, vir die kliniese bestudering van elke geval asook vir die toepassing van projeksietoetse op leerlinge met ernstiger gedragsafwykings en die behandeling van sodanige leerlinge.

Die sielkundiges is ook verantwoordelik vir die byhou van die sielkundige verslae van elke leerling en neem ook sekere klasse in die skool waar.

2.2.4 Liggaamlike opvoeding en mediese behandeling

Alle oortreders word by hul opname en gedurende hul verblyf in die inrigting medies en tandheelkundig ondersoek en indien nodig, ontvang hulle in die inrigting of in 'n hospitaal die nodige behandeling.

Heelwat nuwe inkomelinge ly aan ondervoeding en verwaarlosing. Gesonde lewensgewoontes soos genoeg slaap en rus, afgewissel met liggaamsoefening, ontspanning en werk, 'n goed gebalanseerde dieët en natuurlike spieroefeninge, bou die leerling se gestel sodanig op dat intensiewe mediese behandeling en hospitalisasie vir die grootste persentasie van die leerlinge nie nodig is nie.

Aan die inrigting bestaan daar ook genoegsame fasiliteite vir die beoefening van atletiek, krieket, sagtebal, sokker en handbal. Twee onderwysers in liggaamlike opvoeding gee onderrig in gimnastiek, atletiek en spele aan al die leerlinge wat medies daartoe geskik is.

2.2.5 Kulturele bedrywighede, ontspanning en godsdiens

Vanweë die aard van die inrigting, die tipe leerling wat daarheen verwys word en die streng dissiplinêre toesig wat daarop nagehou word, maak die inrigting self voorsiening vir alle kulturele bedrywighede.

In die skoolrooster word voorsiening gemaak vir sang onder toesig van onderwysers. Eie konserte waar leerlinge self toneelstukkies opvoer, verskeidenheidskonserte waarin leerlinge self optree, word gereël. Die inrigting reël ook 'n reeks konserte in die Skiereiland wat al 'n jaarlikse instelling geword het. Gedurende die aande word die leerlinge ook aktief besig gehou met georganiseerde programme. Uitgesoekte leerlinge besoek jaarliks die inrigting se vakansiekamp. Van rolprente met opvoedkundige waarde, die radio en die biblioteek word ruimskoots gebruik gemaak.

Kerkdienste word gereeld Sondagoggende deur die personeel en vrywillige predikers waargeneem, terwyl die koshuisvaders in die aande godsdiens hou. Vrywillige godsdienstige werk en besoeke van predikante word verwelkom en aangemoedig. Sondagskool word gereeld gehou en leerlinge wat hulle in 'n besondere kerk wil laat aanneem, word die geleentheid daartoe gegee.

8/.........

## 2.3 SAMEVATTING

Die ontstaan van die eerste verbeteringskool in Suid-Afrika is veral te danke aan die inspirasie van William Porter, eertydse prokureur-generaal van die Kaapkolonie wat in 1879 'n bedrag van R40,000 vir die doel bemaak het. Hoewel die eerste verbeteringskole bykans dieselfde as 'n tronk was en dan ook onder die Departement van Justisie geressorteer het, het dit gaandeweg in wese verander totdat hulle vandag as opvoedkundige inrigtings funksioneer.

Die rehabilitasieprogram van die Porterverbeteringskool wat onder andere skoolonderrig, tegniese onderrig, mediese en sielkundige behandeling, liggaamlike opvoeding en algemene kulturele opvoeding insluit, poog nie net om die handvaardigheid van die leerling te verhoog nie, maar om sy hele persoonlikheid te hervorm teneinde te verseker dat die oortreder na sy vrylating makliker by die samelewing kan inskakel.

# HOOFSTUK 3

## DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE 426 KLEURLINGJEUGOORTREDERS

In hierdie hoofstuk word 'n aantal algemene kenmerke van die jeugoortreders van die Porterverbeteringskool bespreek.

## 3.1 OUDERDOM

In tabel 3.1 hieronder word die ouderdomme van die 426 jeugoortreders in die ondersoek tydens hul eerste opname in die inrigting, aangetoon.

'n Groot persentasie van die oortreders se ouderdomme was by hul verskyning in die hof nie bekend nie en moes deur die hof bepaal word. [1]

TABEL 3.1

DIE OUDERDOM VAN DIE OORTREDERS
BY EERSTE OPNAME IN DIE VERBETERINGSKOOL

| Ouderdom by opname ( in jare) | Persentasie | | Getal | |
|---|---|---|---|---|
| 13 of jonger | 8.0 | 55.1 | 34 | 235 |
| 14 | 8.2 | | 35 | |
| 15 | 11.9 | | 51 | |
| 16 | 27.0 | | 115 | |
| 17 | 25.4 | 44.9 | 108 | 191 |
| 18 of ouer | 19.5 | | 83 | |
| Totaal | 100.0 | | 426 | |

Dit blyk uit tabel 3.1 dat 55.1 persent van die oortreders voor hul sewentiende lewensjaar in die verbeteringskool opgeneem is. Die res, naamlik 44.9 persent, was sewentien jaar of ouer. Die grootste enkele groep, naamlik 27.0 persent, is op sestienjarige leeftyd opgeneem. Laasgenoemde feit word deur die jaarverslae van die Porterverbeteringskool vir die jare 1954 (28, bl. 63) en 1955 (29, bl. 58) bevestig. J.D. Venter het bevind dat 56.8 persent van Bantoeverbeteringskoolleerlinge (23, bl. 8) en J.M. Lötter dat slegs 25.1 persent van Blanke verbeteringskoolleerlinge (10, bl. 60) voor hul sewentiende lewensjaar onderskeidelik in die verbeteringskole Diepkloof en Constantia opgeneem is. Moontlik word Bantoe- en Kleurlingjeugdiges vroeër na verbeteringskole verwys, omdat fasiliteite vir alternatiewe behandeling minder toereikend as vir Blanke jeugdige gedragsafwykendes is.

10/.........

---

[1] Waar die ouderdom onbekend is, moet die hof volgens artikel 81(1) van die Kinderwet, Wet 31 van 1937, die ouderdom van die oortreder bepaal.

## 3.2 KERKVERBAND

In ondersoeke na die verband tussen geloof en misdaad is daar reeds baie interessante gegewens verkry. W.A. Bonger het byvoorbeeld in Nederland bevind dat, in verhouding, Rooms-Katolieke die meeste oortree, dan volg die Protestante, dan Jode en dan diegene wat aan geen kerk behoort nie (1, bl. 166). In die Verenigde State van Amerika is weer vasgestel dat die aanhangers van sowel die Baptistekerk as die Rooms-Katolieke 'n besonder hoë misdaadsyfer openbaar (17, bl. 203).

In tabel 3.2 word verspreiding in die huidige ondersoek aangetoon.

TABEL 3.2

DIE KERKVERBAND VAN DIE OORTREDERS

| Kerkverband [1] | Persentasie | Getal | Totale bevolking (1951) |
|---|---|---|---|
| Engelse kerke | 30.3 | 129 | 31.1 |
| Afrikaanse Kerk | 22.3 | 95 | 29.5 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 9.6 | 41 | 6.6 |
| Ander | 23.7 | 101 | 31.6 |
| Onbekend | 14.1 | 60 | 1.2 |
| Totaal | 100.0 | 426 | 100.0 |

Volgens tabel 3.2 was 30.3 persent van die oortreders aanhangers van die Engelse kerke, terwyl 22.3 persent aan die Afrikaanse Kerk behoort het. Hierteenoor word in die jaarverslae van die inrigting vir die jare 1954 (28, bl. 23) en 1955 (29, bl. 26) aangetoon dat die grootste persentasie leerlinge in die inrigting aan die Afrikaanse Kerk behoort het. Die gegewens in tabel 3.2 gee egter die posisie weer soos dit in die proefbeamptes se verslae aangetoon is. Uit die tabel blyk dit ook dat 31.1 persent van die totale Kleurlingbevolking gedurende 1951 aan die Engelse kerke en 29.5 persent aan die Afrikaanse kerke behoort het (31, bl. 166).

Bogenoemde verskil kan toegeskryf word aan die feit dat baie van die leerlinge by opname nie aan 'n kerk behoort het nie, maar nogtans 'n kerk aandui. Blykbaar is die Engelse kerke 'n populêre keuse. In die inrigting waar leerlinge aangemoedig word om lede van 'n kerk te word, blyk dit dat die Afrikaanse Kerk meer populêr word. Verder moet in gedagte gehou word dat bostaande gegewens eers betekenisvol is as dit met die totale Kleurlingbevolking se verspreiding volgens kerkverband vergelyk word.

## 3.3 ONDERWYSPEIL

Die skool is naas die huisgesin die vernaamste opvoeder van die kind. In die skool word hy voorberei en toegerus vir sy latere lewe. Met min of geen skoolonderrig kan hy nie in sy latere lewe op gelyke

11/........

1) Onder Engelse kerke word die Anglikaanse Kerke, Methodistekerk en Wesleyaanse Kerk bedoel terwyl onder Afrikaanse Kerk die N.G. Sendingkerk bedoel word.

voet met ander in die beroepslewe kompeteer nie.

Tabel 3. 3 toon die onderwyspeil van die leerlinge by opname in die inrigting aan.

TABEL 3.3

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE OORTREDERS BY TOELATING TOT DIE VERBETERINGSKOOL

| Onderwyspeil | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Grade | 54.0 | 230 |
| St. 1 | 13.1 | 56 |
| St. 2 | 8.9 | 38 |
| St. 3 | 8.2 | 35 |
| St. 4 | 5.4 | 23 |
| St. 5 of hoër | 6.8 | 29 |
| Onbekend | 3.5 | 15 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Uit tabel 3. 3 blyk dit dat 54.0 persent van die jeugoortreders by toelating in die grade geplaas is, terwyl slegs 6.8 persent 'n hoër standerd as standerd vier behaal het. Luidens die verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys was 40.7 persent van die Kleurlingskoolleerlinge in die grade, terwyl 13.5 persent in standerds hoër as standerd vyf was (27, bl. 8 en 11). Die oortreders se onderwyspeil was dus swakker as dié van die algemene Kleurlingskoolbevolking, terwyl hulle, geoordeel aan tabel 3.1, moontlik aansienlik ouer was. Hierdie relatief laer onderwyspeil by die oortreders mag in kousale verband tot hulle misdadige gedrag staan, maar mag ook die gevolg daarvan wees.

3.4 BEROEPSARBEID

Die beroepsheenkome van die jeugdiges onder die Kleurlinge is hoofsaaklik beperk tot ongeskoolde handewerk waar die lone laag is.

In die onderstaande tabel word die beroepsarbeid wat deur die jeugoortreders voor toelating tot die inrigting beoefen is, ontleed.

TABEL 3.4

DIE AARD VAN DIE BEROEPSARBEID VAN DIE OORTREDERS ONMIDDELLIK VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

| Beroepsarbeid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Werkloos | 68.1 | 290 |
| Vaste betrekking 1) | 12.7 | 54 |
| Loswerk verrig 2) | 12.7 | 54 |
| Skolier | 1.6 | 7 |
| Onbekend | 4.9 | 21 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

12/........

1) Met vaste betrekking word bedoel dat die oortreder voltyds gewerk het en weekliks of maandeliks deur sy werkgewer vergoed is.

2) Met „loswerk" word werk wat gewoonlik nie met vaste diensure, 'n vaste loon en 'n vaste werkgewer gepaard gaan nie, bedoel. Oortreders wat byvoorbeeld klein werkies soos in tuine of die was of oppas van motors onderneem het, is hieronder ingedeel.

Tabel 3.4 toon dat 68.1 persent van die oortreders direk voor opname geen werk gehad het nie. Vaste betrekkings is deur slegs 12.7 persent beklee, terwyl 'n verdere 12.7 persent loswerk verrig het. Ten spyte van die feit dat 'n groot persentasie van die oortreders nog betreklik jonk was (kyk tabel 3.1), was slegs 1.6 persent skoliere.

Dit blyk uit die proefbeampteverslae dat die gevalle gewoonlik swak betalende werk verrig het, dikwels van werk verander het, dat werkskuheid aan die orde van die dag was en dat werkloosheid algemeen voorgekom het. Dit is duidelik dat baie van hierdie jeugdiges dus nie deur wettige arbeid in hul behoeftes kan voorsien nie en op andere geparasiteer het. Verder het die lang tydperke van werkloosheid meegebring dat hulle gedurig op straat rondgedrentel het wat, aldus H.J. Venter (22, bl. 255), meebring dat hulle dikwels met ongunstige invloede en verleiding, waarteen geen weerstand gebied kon word nie, in aanraking was.

## 3.5 WOONPLEK

Die bestudering van landelike en stedelike misdaadverskille sowel kwalitatief as kwantitatief, het reeds tot interessante bevindings aanleiding gegee. Dit is 'n algemene bevinding dat stedelike gebiede sowel meer (18, bl. 206) as ernstiger (17, bl. 154) misdade as plattelandse gebiede oplewer en dan is dit ook vasgestel dat landelike gebiede soms in verhouding meer agressiewe misdade, soos aanranding, as kleinere stede oplewer (3, bl. 41).

In tabel 3.5 word aangetoon uit watter omgewings die oortreders na Porterverbeteringskool verwys is.

TABEL 3.5

DIE WOONPLEK VAN DIE OORTREDERS

| Woonplek | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Kaapse Skiereiland-distrikte van Kaapstad, Bellville, Wynberg en Simonstad (hoofsaaklik stedelik) | 35.9 | 153 |
| Stede buite die Skiereiland | 22.3 | 95 |
| Dorpe | 33.8 | 144 |
| Platteland | 8.0 | 34 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Meer as 'n derde (35.9 persent) van die 426 oortreders was uit die Skiereiland, met sy groot Kleurlingbevolking en hoofsaaklik stedelike atmosfeer, afkomstig; 'n verdere 22.3 persent uit ander stede en hoofsaaklik Port Elizabeth, Kimberley en Johannesburg; 33.8 persent uit dorpe, terwyl 8.0 persent hoofsaaklik op plase woonagtig was.

Volgens amptelike statistieke vir die jaar 1951 was 27.1 persent van die totale Kleurlingbevolking in Suid-Afrika in die distrikte Kaapstad, Wynberg, Simonstad en Bellville woonagtig (30, bl. 8 - 18).

13/........

Die groep afkomstig uit die Skiereiland is dus onder die jeugoortreders oorverteenwoordig. Terwyl die Witwatersrandse gebied die grootste teelaarde van Blanke jeugmisdaad is, neem die Kaapse Skiereiland hierdie plek by die Kleurlinge in (11, bl. 147 - 148; 24, bl. 24).

## 3.6 SAMEVATTING

Dit blyk dat meer as die helfte (55.1%) van die oortreders voor hul sewentiende lewensjaar in die verbeteringskool opgeneem is, terwyl die res sewentien jaar of ouer was.

Die grootste groep (30.3%) het aan Engelse kerke behoort, hoewel dit volgens die jaarverslae van die inrigting blyk dat die grootste persentasie oortreders aan die Afrikaanse kerke behoort het.

Meer as vyftig persent (54.0%) van die jeugoortreders se skoolopleiding was so swak dat hulle met hul opname in die inrigting in die grade geplaas moes word. Net 6.8 persent het by toelating verder gevorder as standerd vier.

Wat hier verontrustend blyk te wees, is dat 68.1 persent van die oortreders voor verwysing na die verbeteringskool werkloos was. Slegs 1.6 persent van die oortreders was nog skoliere toe hulle verwys is.

Deurdat die grootste konsentrasie van die Kleurlinge in die Skiereiland is, is dit te verwagte dat die grootste groep oortreders ook uit daardie gebied afkomstig sou wees. Diegene wat uit die Skiereiland afkomstig is, is egter (in die ondersoekgroep) oorverteenwoordig.

# HOOFSTUK 4

## DIE GESINSAGTERGROND VAN DIE KLEURLINGJEUGOORTREDERS

Alhoewel hul benaderingswyse tot die probleem mag verskil, sal die meeste sosioloë, sielkundiges en psigiaters wat 'n studie van jeugwangedrag of jeugmisdaad maak, dit eens wees dat die huislike agtergrond van oortreders dikwels die primêre faktor in die veroorsakingsproses is.

In hierdie hoofstuk word sekere aspekte van die gesinsagtergrond van die Kleurlingjeugoortreders kortliks bespreek. Ongelukkig was gegewens oor die meer subtiele - dog baie belangrike - emosionele toestande in die gesinsagtergrond nie beskikbaar nie en kan slegs na sekere meer meetbare aspekte soos gesinsonvolledigheid en die sedelike peil van die ouers verwys word.

Daar sal aanduidings van growwe desorganisasie, veral aan Blanke standaarde gemeet, in die gesinsagtergrond van die Kleurlingoortreders voorkom. Ongelukkig is dit nie moontlik om hierdie toestande met dié in die algemene Kleurlingbevolking te vergelyk nie, aangesien wetenskaplik verkreë gegewens in verband met die gesinslewe van die Kleurlingbevolking baie skaars is. Daar kan egter met veiligheid aanvaar word dat die gesinslewe van die Kleurlinge in 'n groter mate as by die Blanke of Asiate gedesorganiseer is.

### 4.1 GESINSONVOLLEDIGHEID

#### 4.1.1 Die omvang van gesinsonvolledigheid

Ondersoeke na die agtergrond van jeugoortreders het reeds by herhaling getoon dat meer oortreders as nie-oortreders uit onvolledige gesinne kom (24, bl. 122). Kinders in 'n onvolledige gesin sal dus eerder in wangedrag verval as kinders in 'n volledige gesin. Kinders uit onvolledige gesinne is meer blootgestel aan verwaarlosing, ondoeltreffende dissiplinering en opvoeding en ook aan armoede, wat die risiko om in wangedrag te verval, verhoog.

Gesinsonvolledigheid by die 426 Kleurlingjeugoortreders word in tabel 4.1 aangetoon. Gesinsonvolledigheid is, vir die doel van hierdie ondersoek, beskou as die afwesigheid van een of albei eie ouers van die oortreders weens die dood, egskeiding, verlating, gevangenisstraf of beroepsverpligtings wat meebring dat 'n ouer vir lang tydperke van die huis af weg is. Waar 'n oortreder buite-egtelik gebore is en sy vader en moeder nie daarna in die huwelik getree of permanent saamgewoon het nie, is ook dié geval as afkomstig uit 'n onvolledige gesin beskou.

TABEL 4.1

DIE OMVANG VAN GESINSONVOLLEDIGHEID IN DIE GESINNE WAARUIT DIE OORTREDERS KOM

| Gesinsagtergrond | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Volledig | 28.6 | 122 |
| Onvolledig | 70.0 | 298 |
| Onbekend | 1.4 | 6 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens tabel 4.1 was 70.0 persent van die oortreders uit onvolledige en slegs 28.6 persent uit volledige gesinne afkomstig.

Wat dadelik opval, is die besonder hoë persentasie van die oortreders wat uit onvolledige gesinne kom. H.J. Venter verklaar dat ondersoeke gewoonlik toon dat ongeveer 40 persent van oortreders uit onvolledige gesinne kom (22, bl. 210) en E.H. Sutherland en D.R. Cressy verklaar weer dat ondersoekers gewoonlik die omvang op tussen 40 en 60 persent stel (17, bl. 175). In ander ondersoeke deur J.D. Venter en J.M. Lötter, ongeveer op die patroon van die huidige, is bevind dat 66.8 persent (23, bl. 13) en 57.9 persent (10, bl. 16) van 'n groep Bantoe- en 'n groep Blanke verbeteringskoolleerlinge onderskeidelik uit onvolledige gesinne kom.[1] Die moontlik relatief hoë voorkoms van gesinsdesorganisasie by die Kleurlingbevolking in die algemeen, is waarskynlik 'n verklaring vir die besonder hoë voorkoms van onvolledigheid in die gesinsagtergrond van die Kleurlingjeugoortreders.

4.1.2 Die aard van die gesinsbreuk

Die oorsaak van die gesinsonvolledigheid mag 'n invloed op die reaksie van die kind op die breuk hê. Terwyl die kind die afsterwe van 'n ouer moontlik as iets natuurliks aanvaar, mag hy miskien teen omstandighede wat op 'n egskeiding volg, in verset kom.

In tabelle 4.2 en 4.3 word die redes vir die afwesigheid van die vader en die moeder in die gesin afsonderlik aangedui.

TABEL 4.2

DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE EIE VADER VAN DIE OORTREDERS UIT DIE GESIN

| Rede vir afwesigheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Albei ouers teenwoordig | 37.8 | 161 |
| Oorlede | 28.6 | 122 |
| Verlaat of geskei | 14.6 | 62 |
| Geen (seun buite-egtelik gebore) | 8.9 | 38 |
| Werk elders, in gevangenis, ens. | 10.1 | 43 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

16/.........

1) Die kriteria van „onvolledigheid" van genoemde ondersoekers verskil egter van dié wat in die huidige ondersoek gebruik is.

Volgens tabel 4.2 was die eie vaders van slegs 37.8 persent van die oortreders nog tuis ten tye van verwysing. Die eie vaders van 28.6 persent van die oortreders is oorlede en dié van 14.6 persent het die tuiste weens egskeiding of verlating verlaat. Laasgenoemde gevalle kom waarskynlik uit tuistes waarin jaloesie, twis en miskien aanranding by die ouers voorgekom het met die gevolg dat die kind se basiese behoefte aan liefde en sekuriteit nie bevredig is nie. Dergelike toestande in die tuiste is miskien net so, of moontlik in 'n grotere mate, nadelig as die formele gesinsbreuk. 'n Verdere 8.9 persent van die oortreders het weens hul buite-egtelike geboortestaat geen vader gehad nie, terwyl 10.1 persent vir lang tydperke om ander redes nie 'n vader tuis gehad het nie.

Die redes vir die afwesigheid van die moeders in die gesin, word in onderstaande tabel ontleed.

TABEL 4.3

DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE EIE MOEDER VAN DIE OORTREDERS UIT DIE GESIN

| Rede vir afwesigheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Moeder teenwoordig | 59.2 | 252 |
| Oorlede | 22.5 | 96 |
| Verlaat of geskei | 6.8 | 29 |
| Werk elders ens. | 11.5 | 49 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Dit blyk dat meer eie moeders as eie vaders in die gesinne waaruit die oortreders kom, aanwesig is. Die persentasies kom op onderskeidelik 59.2 en 37.8 persent te staan. Die afsterwe van die moeder, egskeiding en verlating en "ander" redes het daartoe gelei dat onderskeidelik 22.5, 6.8 en 11.5 persent van die oortreders sonder 'n eie moeder moes klaarkom.

Uit bostaande tabelle is dit duidelik dat die gesinsagtergrond van die Kleurlingoortreders met betrekking tot onvolledigheid oor die algemeen veel te wense oorgelaat het.

### 4.1.3 Stiefouers

Alhoewel stiefouers dikwels die ekonomiese posisie van die onvolledige gesin verbeter en ook mag meebring dat die kinders 'n beter opvoeding ontvang, reageer baie kinders egter blykbaar swak op stiefouerverhoudings. W.A. Willemse verklaar in dié verband: "The stepfather relationship is detrimental to a boy's harmonious development in the same manner as the proverbial stepmother is a disadvantage to the maturing girl" (24, bl. 28 - 29).

Die aanwesigheid van stiefouers in die gesinsagtergrond van die jeugdiges in hierdie ondersoek word in tabel 4.4 ontleed.

TABEL 4.4

DIE AANWESIGHEID VAN STIEFOUERS IN DIE GESINSAGTERGROND VAN DIE OORTREDERS

| Stiefouers | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Vader | 13.6 | 58 |
| Moeder | 4.5 | 19 |
| Geen | 79.8 | 340 |
| Onbekend | 2.1 | 9 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens bostaande tabel het 79.8 persent van die oortreders geen stiefouer of stiefouers gehad nie. 'n Verdere 13.6 persent het 'n stiefvader en 4.5 persent 'n stiefmoeder gehad. Van die 298 Kleurlingoortreders uit onvolledige gesinne (kyk tabel 4.1), het slegs 77, dit wil sê ongeveer 'n kwart, stiefouers gehad. Hierteenoor bevind J.M. Lötter in sy ondersoek na Blanke verbeteringskoolleerlinge dat ongeveer die helfte van sy oortreders uit onvolledige gesinne een of twee stiefouers gehad het (10, bl. 17).

## 4.2 BUITE-EGTELIKHEID

Navorsing het getoon dat oortreders 'n groter persentasie buite-egtelike kinders as nie-oortreders in hul geledere het. Gewoonlik word dan verklaar dat die buite-egtelike kind onder minderwaardigheidsgevoelens gebuk gaan, dat sy opvoeding skade ly en dat hy dikwels aan armoede blootgestel word - omstandighede wat sy normale ontwikkeling en suksesvolle aanpassing in die gemeenskap benadeel.

Daar kan verwag word dat ook die buite-egtelike Kleurlingkind in 'n ongunstige posisie verkeer, maar dan moet onthou word dat daar waarskynlik nie so 'n groot stigma aan buite-egtelikheid in die Kleurlinggemeenskap as byvoorbeeld by die Blanke en Asiatiese bevolkingsgroepe kleef nie. Hoe dit ook al sy, buite-egtelike geboortes kom baie by die Kleurlinge voor. Volgens gegewens wat E. R. Dyason aanhaal, het die persentasie buite-egtelike geboortes onder hierdie bevolkingsgroep in die jare 1944 tot 1949 vanaf 34.74 tot 35.72 persent van alle geboortes gewissel (4, bl. 360).

Die geboortestatus van die groep oortreders word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 4.5

DIE GEBOORTESTATUS VAN DIE OORTREDERS

| Geboortestatus | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Binne-egtelik | 69.2 | 259 |
| Buite-egtelik | 25.8 | 110 |
| Onbekend | 4.9 | 21 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

18/..........

Blykens tabel 4.5 is ongeveer 'n kwart van die oortreders buite-egtelik gebore. Hierdie persentasie is, volgens Dyason se gegewens wat hierbo aangehaal is, laer as dié vir die algemene Kleurlingbevolking in die jare 1944 tot 1949. Moontlik het die ouers dikwels die feit dat die oortreders buite-egtelik gebore is, aan die proefbeamptes verswyg.

C. Burt het in Engeland bevind dat 7.6 persent van 'n groep Londense oortreders buite-egtelik gebore is teenoor slegs 0.7 persent van 'n kontrolegroep (2, bl. 64). In die Verenigde State het S. en E. Glueck weer bevind dat 18.6 persent van 'n groep oortreders buite-egtelik gebore is, terwyl 13 persent van die kontrolegroep buite-egtelike kinders was (6, bl. 117 - 118). In Suid-Afrika het J.M. Lötter gevind dat 8.1 persent van Blanke verbeteringskoolleerlinge buite-egtelik gebore is (10, bl. 15). In vergelyking met gemelde bevindings, is die omvang van buite-egtelikheid by die Kleurlingoortreders baie hoog.

## 4.3 GESINSGROOTTE

J.M. van Bemmelen wys daarop dat gedragsafwykende kinders meer dikwels as ander kinders uit groot gesinne kom (20, bl. 207).

Groot gesinne skep nie op sigself 'n kriminogene belasting van die kind nie, maar dit is waarskynlik dat die groot gesin veral in die groot stede, aan groter desorganisasie as die klein gesin blootgestel word indien teenslae, soos armoede of die afsterwe van 'n ouer, dit tref.

Gegewens oor die gesinsgrootte van die oortreders verskyn in tabel 4.6. Dit is moontlik dat die proefbeamptes soms kinders wat reeds die tuiste verlaat het, buite rekening gelaat het toe verslag oor die agtergrond van die oortreder gelewer is.

TABEL 4.6

DIE KINDERTAL VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE OORTREDERS KOM

| Getal kinders | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 1 - 4 | 45.0 | 192 |
| 5 - 8 | 39.9 | 170 |
| 9 of meer | 9.2 | 39 |
| Onbekend | 5.9 | 25 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens tabel 4.6 is 45.0 persent van die oortreders afkomstig uit gesinne met van een tot vier kinders, 39.9 persent kom uit gesinne met vyf tot agt kinders, terwyl 9.2 persent in nog groter gesinne grootgeword het. Gegewens ontbreek by 'n verdere 5.9 persent van die oortreders. Indien die arbitrêre maatstaf van H.J. Venter dat vier die optimale getal kinders in 'n behartigbare gesin verteenwoordig (22, bl. 205), op dié gegewens van toepassing

gemaak word, dan blyk dit dat ongeveer die helfte van die oortreders in „onbehartigbare" gesinne grootgeword het. Hierdie persentasie is hoër as wat J.D. Venter en J.M. Lötter onderskeidelik by Bantoe- en Blanke verbeteringskoolleerlinge aangetref het. Venter het naamlik gevind dat ten minste 41.6 persent van eersgenoemde groep uit gesinne met meer as vier kinders kom (23, bl. 15), terwyl Lötter die persentasie by Blankes op ten minste 47.8 persent stel (10, bl. 13).

## 4.4 GEBOORTERANGNOMMER

Alhoewel E.H. Sutherland die verband tussen geboorterangnommer en kriminaliteit betwis (17, bll. 184 - 186), is J.M. van Bemmelen weer daarvan oortuig dat die oudste helfte van die kinders 'n groter kans staan om te oortree as die jongstes (20, bl. 223). Havelock Ellis het dan ook, blykbaar met groot oortuiging, verklaar dat: „Criminality like idiocy tends to run in the line of the eldest sons" (20, bl. 222). R.F. Sletto bevind in sy ondersoek dat „delinquency was high for children who had younger siblings of each sex, but low for children who had older siblings of each sex" (14, bl. 130). Die Gluecks, aan die ander kant, het geen duidende verband tussen geboorterangorde en jeugmisdaad aangetref nie (6, bl. 20).

Die geboorterangnommer van die groep Kleurlingoortreders verskyn in tabel 4.7.

TABEL 4.7

DIE GEBOORTERANGNOMMER VAN DIE OORTREDERS

| Geboorterangnommer | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Oudste | 26.1 | 111 |
| Jongste | 10.8 | 46 |
| Ander | 49.1 | 209 |
| Enigste | 7.7 | 33 |
| Onbekend | 6.3 | 27 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Wat dadelik uit tabel 4.7 opval, is dat oudste kinders veel meer as jongste kinders voorkom. Teenoor die 26.1 persent oudste was daar slegs 10.8 persent jongste kinders. J.M. Lötter het ook gevind dat oudste kinders meer as jongste kinders oortree en ter verduideliking wys hy op omstandighede wat dikwels op een of ander fase van die oudste kind se lewe voorkom wat dikwels met wangedrag geassosieer word. Hy verklaar: „Oudste kinders sluit meer buite-egtelike kinders as latere en veral jongste kinders in ......; oudste kinders word dikwels gebore as die ouers nog jonk en te onervare is om die opvoedingstaak met welslae te behartig; oudste kinders moet waarskynlik op 'n jeugdiger leeftyd en in 'n grotere mate as latere kinders tot die beroepslewe toetree ... en indien aanvaar word dat die enigste kind in die reël in die geledere van oortreders oorverteenwoordig is - soos C.Burt onder andere glo - dan moet onthou word dat die oudste kind ook op een stadium die enigste kind was" (11, bll. 94 - 95).

Verder toon die tabel dat „ander" kinders die meeste voorkom. Dit is te verwagte, aangesien die gesinne waaruit die oortreders kom, oor die algemeen groot is. Die persentasie kom op 49.1 persent te staan. Sewe punt sewe persent van die oortreders was enigste kinders. Dit is nie moontlik om te bepaal of hierdie groepe oor- of onderverteenwoordig is nie, aangesien die syfers vir die algemene Kleurlingbevolking nie bepaal kan word nie.

## 4.5 SEDELIKE PEIL VAN DIE OUERS

Die gedrag, optrede en morele beskouings van ouers het ongetwyfeld 'n groot invloed op die persoonlikheid, en ook op die gedrag, van die kind. H. Hartshorne en A.M. May het dan ook gevind dat die morele oordeel van kinders betreklik hoog (.55) met dié van hul ouers korreleer, terwyl E. Burgess verklaar het dat die „'personality type' established early in the primary group associations is an enduring core ......" (19, bl. 134).

Baie van die Kleurlingoortreders kom uit tuistes waarin veral die vaders geen goeie voorbeeld gestel het nie en die ouers niks of weinig gedoen het om karaktereienskappe wat as teenvoeter teen latere wangedrag en kriminaliteit kon dien, by die kinders te vestig nie.

In tabelle 4.8 en 4.9 word op die voorkoms van drankmisbruik en misdadigheid by die ouers van die oortreders gewys. Hierdie syfers kom moontlik op 'n onderskatting van die ware toedrag van sake neer.

### 4.5.1 Drankmisbruik

J.M. van Bemmelen verklaar dat die indirekte werking van drankmisbruik by misdaadveroorsaking so voor die hand liggend is dat dit eintlik nie bewys hoef te word nie (20, bl. 126). Met die „indirekte werking" bedoel die skrywer die invloed van die drankmisbruiker op die kinders in sy gesin en nie die misdaad wat deur die drankmisbruiker self gepleeg mag word nie.

Dyason verklaar dat alkoholisme bekend is as een van die oorsake van die agteruitgang van 'n aansienlike gedeelte van die Kleurlingbevolking in die algemeen en dit is 'n direkte oorsaak van die verswakking van die sedelike peil in die Kleurlinggemeenskap (4, bl. 389).

Die voorkoms van drankmisbruik [1] by die ouers van die oortreders word in tabel 4.8 aangedui.

21/.......

[1] Geen definisie van „drankmisbruik" is gebruik nie. Die oordeel van die proefbeampte moes aanvaar word.

TABEL 4.8

DRANKMISBRUIK BY DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS

| Drankmisbruik | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Vader | 27.5 | 117 |
| Moeder | 15.5 | 66 |

Dit blyk uit tabel 4.8 dat 27.5 persent van die oortreders vaders gehad het wat hulle aan chroniese drankmisbruik skuldig gemaak het, terwyl die moeders van 15.5 persent van die oortreders ook drankmisbruikers was.

Hierdie tipe afwykende gedrag by die ouers, kom blykbaar meer by Kleurlinge as by Blanke oortreders voor. J.M. Lötter het in sy ondersoek na Blanke verbeteringskoolleerlinge bevind dat 23.2 en 9.9 persent van die oortreders onderskeidelik vaders en moeders gehad het wat alkoholiste was (10, bl. 21).

4.5.2 Misdadigheid

Etlike ondersoekers het reeds daarop gewys dat baie misdadige ouers ook misdadige kinders het. Vroeër is gemeen dat die verskynsel aan oorerflikheid gewyt kan word, maar vandag word algemeen aanvaar dat misdadige ouers aanleiding gee tot 'n ongunstige huislike milieu waarin kinders nie tot wetsgehoorsame landsburgers kan ontwikkel nie; of die misdadige ouer beïnvloed die kind doelbewus om in sy voetspore te volg of hy doen miskien weinig om positiewe waardes wat as teenvoeter teen misdaad kan dien, by hom tuis te bring.

Die voorkoms van misdadigheid by die ouers van die oortreders verskyn in tabel 4.9.

TABEL 4.9

MISDADIGHEID BY DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS

| Misdadigheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Vader | 14.1 | 60 |
| Moeder | 4.5 | 19 |

Volgens bostaande tabel het 14.1 persent van die oortreders vaders met misdaadrekords gehad, terwyl dit ook by die moeders van 4.5 persent van die oortreders die geval was. By 'n groep Blanke verbeteringskoolleerlinge kom die onderskeie persentasies op 6.3 en 2.0 persent te staan (10, bl. 21). Die Gluecks het in hul ondersoek van 908 gesinne van jeugoortreders gevind dat die sedelike peil van 70.4 persent van die gesinne laag was. Kriminaliteit het onder die gesinslede, benewens die oortreder self, by 57.9 persent van die gesinne voorgekom (7, bl. 7).

22/........

## 4.6 EKONOMIESE AGTERGROND

Dit is 'n algemene bevinding dat jeugoortreders in 'n groot mate uit die armste gesinne kom (9, bl. 323). Die kind in die arm gesin het natuurlik nie al die geleenthede in die lewe waarop ander kinders aanspraak kan maak nie. Die arm seun moet byvoorbeeld vroeër die skool verlaat om te help verdien, sy opvoeding en versorging ly dikwels as gevolg van die feit dat sy moeder beroepsarbeid moet verrig en dan bly baie van sy behoeftes, byvoorbeeld na lekkers, rookgoed en vermaak, onbevredig. Tog word armoede vandag selde as 'n primêre oorsaak van jeugwangedrag beskou. C. Burt verklaar byvoorbeeld: „..... of the total inhabitants of London no more than 30 per cent belong to the lowest social strata .. the amount of delinquency coming from these lowest social strata is, beyond question, disproportionate; nevertheless, in the higher and more prosperous ranks, its frequency is still unexpectedly large. And when nearly half the offenders come from homes that are far from destitute, poverty can hardly be the sole or the most influential cause" (2, bl. 70).

'n Ontleding van die ekonomiese peil van die gesinne van die oortreders verskyn in tabel 4.10. Geen duidelike definisie is aan „swak", „gemiddeld" of „goed" gegee nie, aangesien presiese besonderhede oor hierdie aspek van die gesinsagtergrond meestal ontbreek het. Die oordeel van die proefbeampte moes aanvaar word.

TABEL 4.10

DIE EKONOMIESE STATUS VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE OORTREDERS KOM

| Ekonomiese status | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Goed | 10.6 | 45 |
| Gemiddeld | 16.2 | 69 |
| Swak | 60.1 | 256 |
| Onbekend | 13.1 | 56 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Wat dadelik opval is dat 60.1 persent van die oortreders in tuistes waar die ekonomiese posisie swak was, grootgeword het. Slegs 10.6 persent van die gevalle kom uit tuistes waar die ekonomiese toestand as „goed" aangedui is, terwyl 16.2 persent uit ekonomies „gemiddelde" gesinne kom. Bogenoemde syfers is nie baie betekenisvol nie, aangesien die ekonomiese posisie van die tuistes waaruit Kleurlinge van vergelykbare ouderdom oor die algemeen kom, nie bekend is nie. Armoede is natuurlik geen uitsonderlike verskynsel by die Kleurlinge nie. Dyason verklaar byvoorbeeld in verband met die ekonomiese toestand van Kleurlinggesinne in Kimberley dat „die inkomste van die gesinne ...... uiters onvoldoende is" (4, bl. 311), terwyl S. Pauw bevind het dat die inkomste van 51.0 persent van 1,411 Kleurlinggesinne onder R40 per maand was (27, Bylaag 1, bl. 4).

23/.......

In 'n ondersoek wat voor die Tweede Wêreldoorlog gedoen is, het W.A. Willemse bevind dat 41.2 persent van 'n groep Blanke verbeteringskoolleerlinge uit „baie arm" gesinne afkomstig is (24, bl. 20), terwyl J.M. Lötter, in sy meer resente ondersoek na Blanke verbeteringskoolleerlinge, verklaar dat ten minste 49.3 persent uit „arm" gesinne kom (10, bl. 19).

## 4.7 INRIGTINGSVERSORGING EN ONDERTOESIGSTELLING BY DIE BROERS EN SUSTERS VAN DIE OORTREDERS

### 4.7.1 Omvang

Die omvang van inrigtingsoortredings of ondertoesigstelling by die broers en susters van die oortreders, gee 'n aanduiding van die gesinsagtergrond waarin die oortreders grootgeword het. Daar word slegs op hierdie maniere teen 'n kind opgetree mits sy gesinsagtergrond erg gedesorganiseer is, of hy hom aan wangedrag skuldig maak.

Die omvang van bogenoemde metodes van optrede teen die broers en susters van die oortreders tot op die stadium waarop laasgenoemde verwys is, word in onderstaande tabel aangedui. Ander kinders van die gesinne van die oortreders het na verwysing van die oortreders ongetwyfeld ook in inrigtings beland, of is onder toesig geplaas. Hierdie gevalle kan natuurlik nie in aanmerking geneem word nie.

TABEL 4.11

INRIGTINGSVERSORGING OF ONDERTOESIGSTELLING VAN ANDER KINDERS BEHALWE DIE OORTREDERS IN DIE GESINNE WAARUIT LAASGENOEMDE KOM

| Behandeling ondergaan | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 17.6 | 75 |
| Nee | 38.3 | 163 |
| Onbekend | 36.4 | 155 |
| Geen broers of susters | 7.7 | 33 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens tabel 4.11 het 17.6 persent van die oortreders, sover bekend, broers en susters gehad wat in 'n inrigting beland het, of onder toesig geplaas is alvorens hulle (die oortreders in die ondersoekgroep) na die verbeteringskool verwys is. Die persentasie sou ongetwyfeld hoër gewees het as dit nie was vir die feit dat gegewens oor hierdie aangeleentheid by meer as 'n derde van die 426 oortreders ontbreek het nie. Die tabel wys in elk geval daarop dat 'n aansienlike persentasie van die oortreders uit tuistes kom waar toestande inrigtingsversorging van kinders genoodsaak het, of uit tuistes kom waar ander kinders hulle aan wangedrag skuldig gemaak het wat moontlik ook hulle, dit wil sê die betrokke oortreders, se gedrag kon beïnvloed het.

4.7.2 Aard van inrigtingsversorging of ondertoesigstelling

In voorafgaande tabel is aangedui dat 75 van die oortreders ui gesinne waarin daar ook ander kinders na inrigtings gestuur is, of onder toesig geplaas is, afkomstig is.

In tabel 4.12 word onder andere getoon in watter soort inrigting hierdie jeugdiges was.

TABEL 4.12

DIE TIPE INRIGTINGSBEHANDELING ASOOK TOESIG WAT DIE BROERS EN SUSTERS VAN DIE OORTREDERS ONDERGAAN HET

| Soort | Persentasie (van 426) | Getal 1) |
|---|---|---|
| Nywerheidskool | 3.1 | 13 |
| Verbeteringskool | 6.3 | 27 |
| Weeshuis | 1.9 | 8 |
| Gevangenis | 6.1 | 26 |
| Ander | 2.8 | 12 |
| Proefbeamptetoesig | 3.8 | 16 |

Volgens tabel 4.12 het 6.3 persent van die oortreders ten minste een broer of suster gehad wat onder andere in 'n verbeteringskool was, terwyl een of meer broers of susters van 6.1 persent van die oortreders onder andere gevangeniskap ondergaan het. Dit is moontlik dat hierdie broers en susters 'n groot invloed op die gedrag van die betrokke oortreders in die ondersoekgroep gehad het.

4.8 WONINGTOESTAND

Die toestand van die wonings waarin die oortreders ten tye van verwysing gewoon het, word in tabel 4.13 aangedui. Geen kriteria is gestel vir die beoordeling van die woningtoestand nie, aangesien die oordeel van die proefbeampte aanvaar moes word. Sy beoordeling, soos dit in die hofverslae beliggaam is, gaan meesal oor die beskikbare ruimte in die woning en die struktuur van die gebou. Soms word in die verslae na al die aspekte van die woning soos die struktuur, ruimte, netheid, ligging, ens. verwys, maar meesal word net 'n algemene beoordeling van die woning gegee. Geen vaste definisie van „goed", „gemiddeld" en „swak" is gegee nie.

25/.........

1) Die „totaal" van hierdie kolom kom op 103 te staan en is natuurlik groter as die getal van 75 oortreders met broers en/of susters wat in inrigtings of onder toesig geplaas is, aangesien een oortreder miskien meer as een broer gehad het wat in inrigtings was, of miskien slegs een broer wat in 'n weeshuis, nywerheidskool en 'n gevangenis was. Laasgenoemde geval sal dus teenoor al drie die genoemde kategorieë in die tabel in berekening gebring wees.

TABEL 4.13

DIE TOESTAND VAN DIE TUISTE VAN DIE OORTREDERS

| Woningtoestand | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Goed | 20.4 | 87 |
| Gemiddeld | 27.5 | 117 |
| Swak | 40.8 | 174 |
| Onbekend | 11.3 | 48 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Die toestand van die tuiste is in 20.4, 27.5 en 40.8 persent van die gevalle onderskeidelik as goed, gemiddeld en swak beoordeel. Ten opsigte van 11.3 persent van die oortreders het 'n dergelike beoordeling ontbreek. Aangesien vergelykbare gegewens ten opsigte van die Kleurlingbevolking in die algemeen ontbreek, is dit moeilik om te bepaal in hoe verre die woningtoestande van die oortreders van dié van die algemene Kleurlingbevolking verskil.

Swak woningtoestande, soos byvoorbeeld onaantreklike, ongesonde en oorvol tuistes, mag meebring dat die bewoners se gesondheid benadeel word, en is ook nie 'n geskikte milieu vir gesonde persoonlikheidsontwikkeling vir die kind nie.

## 4.9 SAMEVATTING

Slegs 28.6 persent van die oortreders kom uit volledige gesinne, terwyl 70.0 persent uit onvolledige gesinne kom. Laasgenoemde groep is meer as wat by vorige ondersoeke by Bantoe- en Blanke verbeteringskoolleeringe, naamlik 66.8 persent en 57.9 persent onderskeidelik, aangetref is. Net sowat 37.8 persent van die eie vaders en 59.2 persent van die eie moeders was nog in die gesinne aanwesig toe die oortreders uit die ouerhuis na 'n inrigting verwyder is. Van die 298 Kleurlingjeugoortreders uit onvolledige gesinne het slegs 77, dit wil sê 'n kwart, stiefouers gehad.

'n Groot persentasie (25.8%) van die oortreders was buite-egtelike kinders. In vergelyking met ander oorsese en plaaslike ondersoekers is die omvang van buite-egtelikheid by die Kleurling-jeugoortreders baie hoog, hoewel die syfer vir die algemene Kleurlingbevolking nog hoër is as 25.8 persent.

Net minder as die helfte (49.1%) van die oortreders kom uit groot gesinne met 5 of meer kinders. Meer as twee keer van die oortreders was oudste kinders (26.1%) teenoor jongste kinders (10.8%). Hierdie bevinding val saam met die bevindings van ander ondersoekers dat die oudste kind meer aan misdaad blootgestel is as die jongste kind.

Wat die sedelike peil van die ouers betref, is bevind dat drankmisbruik by 27.5 persent van die vaders en 15.5 persent van die moeders voorgekom het. Misdadigheid het sover bekend by 14.1 persent van die vaders en 4.5 persent van die moeders voorgekom.

Meer as die helfte (60.1%) van die oortreders is uit gesinne afkomstig wie se ekonomiese posisie swak is. Hierdie bevinding kom dus ooreen met die algemene bevinding van ander ondersoekers dat jeugoortreders in 'n groot mate uit die armste gesinne afkomstig is.

'n Verdere aanduiding van die swak gesinsagtergrond waarin die Kleurlingjeugoortreders grootgeword het, blyk uit die feit dat 17.6 persent van die oortreders broers en/of susters gehad het wat in 'n inrigting opgeneem is, of onder toesig geplaas is voordat die oortreders self na die verbeteringskool verwys is.

Die woningtoestand van die grootste groep (40.8%) van die oortreders was swak, terwyl dit by 27.5 persent gemiddeld en by 20.4 persent goed was.

# HOOFSTUK 5

## WANGEDRAG, STRAF EN BEHANDELING VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

In hierdie hoofstuk word aangetoon wat die omvang van wangedrag by die oortreders voor verwysing na die verbeteringskool was en watter straf- en behandelingsmetodes toegepas is om hul gedrag ten goede te beïnvloed.

## 5.1 ANTI-SOSIALE GEWOONTES

'n Aansienlike persentasie van die oortreders het hulle voor verwysing aan verskillende vorms van wangedrag skuldig gemaak. Wat die werklike afmetings van elke tipe afwyking by die oortreders was, kon nie altyd presies vasgestel word nie. Die gegewens wat hieronder aangetoon word, kan dus moontlik as 'n onderskatting van die werklike voorkoms beskou word.

### 5.1.1 Stokkiesdraai

Stokkiesdraai kan by leerlinge verwag word wat op skool swak of geen vordering maak nie, wat nie deur skoolwerk geprikkel word nie, of wat om die een of ander rede, 'n vrees vir skoolgaan ontwikkel het.

Die omvang van stokkiesdraai by die ondersoekgroep voor verwysing na die verbeteringskool word in tabel 5.1 aangedui.

TABEL 5.1

DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAI BY DIE OORTREDERS

| Stokkiesdraai | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 24.9 | 106 |
| Nee | 43.4 | 185 |
| Onbekend | 31.7 | 135 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Dit blyk uit bostaande tabel dat 24.9 persent van die oortreders stokkiesdraaiers was. Ongelukkig het die gegewens ten opsigte van 31.7 persent van die oortreders ontbreek. Indien die gegewens ten opsigte van hierdie gevalle ook bekend gewees het, sou die persentasie chroniese stokkiesdraaiers waarskynlik veel hoër gewees het.

Die stokkiesdraaier, veral in die groot stede, swerf gewoonlik op straat rond en kom dikwels in aanraking met ander jeugdiges of groepe jeugdiges wat 'n ewe doellose en verveelde bestaan voer. Bedelary, daggarokery, diefstal en weglopery van die ouertuiste is dikwels die gevolg.

### 5.1.2 Weglopery van die tuiste

Terwyl die stokkiesdraaier gewoonlik poog om aan onaangename omstandighede in die klaskamer te ontvlug, wend die kind wat uit sy ouertuiste wegloop meestal ook 'n poging aan om aan onbevredigende toestande in sy ouertuiste te ontkom. Weglopery uit die huis is by uitstek simptomaties van swak ouer - kind - verhoudings en dit is sekerlik hoogs uitsonderlik dat die kind wat tuis in sy basiese emosionele behoeftes, soos aan liefde, erkenning en sekuriteit, bevredig word, tot hierdie handeling sal oorgaan.

TABEL 5.2

DIE VOORKOMS VAN WEGLOPERY VANUIT DIE OUERTUISTE BY DIE OORTREDERS

| Weglopery | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 38.5 | 164 |
| Nee | 25.4 | 108 |
| Onbekend | 36.1 | 154 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Uit tabel 5.2 blyk dit dat sover bekend nagenoeg veertig persent (38.5%) van die oortreders ten minste een keer uit hul ouertuistes gedros het. Weglopery uit die ouertuiste laat die jeugdige natuurlik sonder sorg en toesig en vergroot die gevaar dat 'n patroon van wangedrag by hom gevestig sal word.

### 5.1.3 Omgang met slegte maats

Die kind se maats het 'n groot invloed op sy karaktervorming. H. Hartshorne en A. M. May het dan ook bevind dat die morele beskouings van kinders hoër met dié van hul maats as met dié van hul onderwysers en Sondagskoolonderwysers korreleer (19, bl. 134).

Die mate waarin die Kleurlingoortreders met swak maats geassosieer het, word in tabel 5.3 aangedui.

TABEL 5.3

DIE OMGANG MET SLEGTE OF SWAK MAATS BY DIE OORTREDERS

| Slegte maats | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 61.3 | 261 |
| Nee | 6.3 | 27 |
| Onbekend | 32.4 | 138 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens tabel 5.3 het slegs 'n geringe persentasie van die oortreders, sover bekend, nie met swak maats geassosieer nie.

29/..........

Hierdie geringe persentasie kan onder andere daaraan gewyt word dat baie van die oortreders uit swak buurte waar sodanige ongesonde kontakte redelik maklik gemaak kan word, afkomstig is.

Die invloed van hierdie maats was, geoordeel aan die bevindings van Hartshorne en May, ongetwyfeld groot, veral omdat die meeste van die Kleurlinge uit tuistes kom waarin opvoeding in positiewe waardes nie voorgekom het nie. Dit is egter nie die standpunt dat die huidige groep oortreders noodwendig passief deur swak maats beïnvloed is nie. Inteendeel, dit is duidelik dat baie self aansluiting by misdadige en pseudo-misdadige indiwidue en groepe gesoek het.

Assosiasie met ander geesgenote is dikwels die voorloper van misdaad. Terwyl die enkeling miskien vrees om 'n misdaad te begaan, is die groep dikwels mans genoem om 'n misdaad ten uitvoer te bring. C.R. Shaw en H.D. McKay het dan ook bevind dat slegs 18.2 persent van 5,480 oortreders misdaad gepleeg het terwyl hulle alleen was (18, bl. 224), terwyl die Gluecks verklaar dat 56.0 persent van 'n groep oortreders by misdadige groepe ingeskakel was (11, bl. 168).

### 5.1.4 Leeglêery en/of werkverlating

Swak werkgewoontes, waarvan werkverlating en leeglêery aanduidings is, word algemeen by jeugoortreders aangetref. Hiervan lewer J.D. Venter (23, bl. 11) en J.M. Lötter (10, bl. 31) se ondersoeke na Bantoe- en Blanke verbeteringskoolleerlinge bewys.

TABEL 5.4

DIE VOORKOMS VAN LEEGLÊERY EN/OF WERKVERLATING BY DIE OORTREDERS

| Leeglêery/werkverlating | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 78.2 | 333 |
| Nee | 10.6 | 45 |
| Onbekend | 11.3 | 48 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Uit tabel 5.4 blyk dit dat 78.2 persent van die oortreders voor verwysing chroniese werkverlaters en leeglêers was. Persoonlikheidsfaktore is van betekenis in die verklaring van swak werkgewoontes, maar dan moet dit ook onthou word dat die oortreders weens hul swak opleiding op oninteressante en swak besoldigde ongeskoolde werk wat min vooruitsigte bied, aangewese was. Die oortreders was nie bereid om met dergelike werkgenoeë te neem nie en ook nie om deur middel van harde en volgehoue arbeid, belangstelling en studie hul posisie te verbeter nie.

Werkloosheid werk demoraliserend veral op die ongevormde jeugdige in. As gevolg van 'n verlies aan inkomste, mag hy tot misdaad oorgaan om sy fisiese behoeftes te bevredig. Ledigheid skep ook 'n gunstige geleentheid om misdaad te pleeg.

30/.........

### 5.1.5 Onbeheerbaarheid

Onbeheerbaarheid is gewoonlik die gevolg van swak **versorging**, toesig en dissiplinering van die kind deur sy ouers. W.A. Willemse het selfs so ver gegaan om te beweer dat „poor discipline must be looked upon as the main antecedent of delinquency" (24, bl. 33).

TABEL 5.5

DIE VOORKOMS VAN ONBEHEERBAARHEID ONDER DIE OORTREDERS

| Onbeheerbaarheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 74.9 | 319 |
| Nee | 9.9 | 42 |
| Onbekend | 15.3 | 65 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Ongeveer driekwart (74.9%) van die oortreders was op een of ander stadium voor verwysing na die verbeteringskool buite beheer van hul ouers. Dit is 'n goeie aanduiding van die haglike omstandighede waaronder die oortreders grootgeword het.

Hierdie persentasie is veel hoër as die 47.1 persent wat J.M. Lötter in die geval van Blanke oortreders aangetref het (10, bl. 37) en uit sowel hierdie, as uit ander bevindings wil dit voorkom asof die Kleurlinge in nog swakker omstandighede grootgeword het as dié waarvan Lötter in die geval van die Blanke verbeteringskoolleerlinge melding maak.

### 5.1.6 Drankmisbruik

Die voorkoms van drankmisbruik by die oortreders word in tabel 5.6 aangetoon. Met drankmisbruik word hier die min of meer gereelde oormatige gebruik van alkoholiese drank en nie noodwendig alkoholisme bedoel nie. Alkoholisme is 'n afwyking wat volgens J.E. Pieterse eers op 'n latere leeftyd intree (13, bl. 33).

TABEL 5.6

DIE VOORKOMS VAN DRANKMISBRUIK ONDER DIE OORTREDERS

| Drankmisbruik | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 8.9 | 38 |
| Nee | 91.1 | 388 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Dit blyk uit tabel 5.6 dat 8.9 persent van die oortreders hulle min of meer gereeld aan drankmisbruik skuldig gemaak het. Hierdie syfer kom as laag voor, maar dit moet onthou word dat dié

syfer betrekking het op die groep oortreders toe hulle nog betreklik jonk was (kyk tabel 3.1).

Drankmisbruik is natuurlik 'n algemene verskynsel by 'n deel van die Kleurlingbevolking en E.R. Dyason verklaar dat die degenerasie wat 'n aansienlike getal Kleurlinge se lot is, aan drankmisbruik toegeskryf moet word (4, bl. 389). Dit kan dus verwag word dat sowel die gebruik van drank as die misbruik daarvan geen vreemde verskynsel vir die Kleurlingoortreders was nie.

Die betekenis van drankmisbruik by die veroorsaking van misdaad moet, aldus J.M. van Bemmelen, nie oorskat word nie. Tog veroorsaak alkoholiese beneweling dat die inhibisies en oordeelsvermoë belemmer word met die gevolg dat veral 'n bestaande misdaadfantasie in daad omgeskep kan word (20, bl. 352 - 355).

5.1.7 Daggarook

Soos by ander anti-sosiale gewoontes, kan die gebruik van dagga nie sonder meer as 'n oorsaak van misdaad gereken word nie maar eerder as 'n gepaardgaande verskynsel van misdadige gedrag. H.J. Venter meen dat die gebruik van dagga die persoon moedig maak en die remminge teen misdaad uitskakel (22, bl. 179).

TABEL 5.7

DIE VOORKOMS VAN DAGGAROOK BY DIE OORTREDERS

| Daggarook | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Ja | 11.5 | 49 |
| Nee | 88.5 | 377 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Bogenoemde tabel toon dat 11.5 persent van die gevalle aan die proefbeamptes as daggarokers bekend was. Sover bekend, het 88.5 persent ongereeld of glad nie dagga gerook nie.

5.2 MISDAAD 1)

Misdade wat voor verwysing na die verbeteringskool deur die oortreders gepleeg is, word in tabel 5.8 ontleed. Die syfers gee miskien nie 'n ware beeld weer nie, aangesien die oortreders soms misdade waarvoor hulle nie gevang is nie, gepleeg het, en soms is misdade van geringe erns, weens die jeug van die oortreder, oorgesien, of is die oortreder aan sy vader vir die nodige tugtiging oorhandig. Aangesien oortreders ook nie skuldig bevind kan word weens misdaad wat tot kinderhofondersoeke gelei het nie, word hierdie misdade nie op die misdaadrekord aangedui nie en is ook hierdie oortredings buite rekening gelaat.

32/........

1) Misdaad wat hier in berekening gebring word, is misdaad wat voor verwysing na die verbeteringskool gepleeg is en sluit nie daardie misdaad in wat tot verwysing aanleiding gegee het nie.

Van die 426 gevalle het slegs 31 of 7.3 persent geen vorige bekende oortredings gepleeg nie.

TABEL 5.8

VORIGE OORTREDINGS BY 395 OORTREDERS [1]

| Oortreding | Getal oortreders volgens getal aanklagte | | | | | | | | | | Deelname deur 395 oortreders | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | Persentasie | Totaal |
| Diefstal | 146 | 85 | 34 | 21 | 7 | 2 | - | - | - | 1 | 74.9 | 296 |
| Inbraak | 85 | 63 | 18 | 10 | 7 | 3 | - | 1 | - | - | 47.3 | 187 |
| Verkragting | 6 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.8 | 7 |
| Roof | 41 | 8 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 12.9 | 51 |
| Moord en manslag | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 0.8 | 3 |
| Aanranding | 39 | 12 | 3 | 3 | - | - | - | - | - | - | 14.4 | 57 |
| Eiendomsbeskadiging | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.8 | 7 |
| Daggarook en dronkenskap | 22 | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 7.1 | 28 |
| Drankwetoortredings | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0.3 | 1 |
| Ander [2] | 54 | 11 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | 17.2 | 68 |

Uit tabel 5.8 blyk dit dat 74.9 persent van die 395 oortreders met vorige oortredings, onder andere weens diefstal skuldig bevind is, 47.3 persent weens inbraak, 17.2 persent weens ander misdade as dié in die tabel genoem, terwyl 14.4 persent onder andere weens aanranding skuldig bevind is en 12.9 persent aan roof.

Indien bogenoemde gegewens met die bevindings van J.D. Venter (23, bl. 26) en J.M. Lötter (10, bl. 39) by die Bantoe- en Blanke verbeteringskoolleerlinge onderskeidelik vergelyk word, val dit dadelik op dat roof (12.9%) opmerklik meer by die Kleurlinge- as by die Bantoe- (3.8%) of by die Blanke verbeteringskoolleerlinge (1.3%) voorgekom het. Dieselfde verskynsel vind ons by aanranding waar die voorkoms onderskeidelik 14.4 persent, 3.2 persent en 3.0 persent is.

33/..........

[1] Die deelname van die oortreders aan elke afsonderlike tipe misdaad word volgens aanklagte aangedui. Een oortreder kan dus by verskillende misdade in berekening gebring word. Indien 'n oortreder byvoorbeeld twee aanklagte van diefstal en een aanklag van aanranding teen hom gehad het, verskyn hy in kolom 2 teenoor „diefstal" en in kolom 1 teenoor „aanranding."

[2] Onder „ander" oortredings word onder andere bedrog, gebruik van vuil taal, oproerige gedrag, ontsnapping uit bewaring, weerstand teen arrestasie, die onwettige besit van gevaarlike wapens en andere, ingesluit.

## 5.3 BESTRAWWING DEUR DIE HOWE WEENS MISDAAD

Soos uit die voorafgaande tabel blyk, is 395 of 92.7 persent van die oortreders voor hul verwysing na die verbeteringskool weens misdaad deur 'n hof skuldig bevind en gestraf.

### 5.3.1 Skuldigbevindings voor verwysing 1)

Die getal kere wat die jeugoortreders voor verwysing na die verbeteringskool deur 'n hof skuldig bevind is, word in tabel 5.9 aangedui.

TABEL 5.9

DIE GETAL SKULDIGBEVINDINGS DEUR 'N HOF VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

| Getal kere skuldig bevind | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 7.3 | 31 |
| 1 | 22.3 | 95 |
| 2 | 29.6 | 126 |
| 3 | 22.8 | 97 |
| 4 of meer | 18.1 | 77 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Uit tabel 5.9 blyk dit dat slegs 31 of 7.3 persent van die oortreders voor verwysing nooit deur 'n hof weens misdaad gestraf is nie. Daar was wel ook leerlinge in die verbeteringskool wat nooit weens misdaad skuldig bevind was nie, maar soos reeds in afdeling 2 van hoofstuk 1 vermeld, is hierdie gevalle nie by die ondersoek ingesluit nie.

In tabel 5.10 hieronder word die getal oortredings aangedui waarop die oortreders voor verwysing na die verbeteringskool by een of meer geleenthede soos in tabel 5.9 aangetoon, skuldig bevind is.

TABEL 5.10

DIE GETAL OORTREDINGS WAAROP DIE OORTREDERS VOOR VERWYSING IN 'N HOF SKULDIG BEVIND IS 2)

| Oortredings | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 7.3 | 31 |
| 1 | 18.4 | 78 |
| 2 | 21.6 | 92 |
| 3 | 21.1 | 90 |
| 4 | 17.1 | 73 |
| 5 | 6.1 | 26 |
| 6 of meer | 8.4 | 36 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

34/........

1) Met „skuldigbevinding" word hier bedoel die kere wat die oortreder deur 'n hof skuldig bevind is, afgesien van die getal aanklagte van verskillende aard wat teen hom ingebring is.

2) Die kinderhofgevalle waar 'n oortreder slegs sorgbehoewend verklaar kan word, is nie hierby ingesluit nie.

Uit tabel 5. 10 blyk dit dat slegs 7.3 persent van die oortreders voor hul verwysing na die verbeteringskool vir geen bekende oortredings in 'n hof 'n vonnis opgelê is nie. Met verwysing na die verbeteringskool was hulle dus eerste-oortreders terwyl 92. 7 persent van die oortreders reeds by een of meer geleenthede skuldig bevind is. J. D. Venter het bevind dat by die Bantoejeugoortreders 20. 6 persent eerste-oortreders by opname in die verbeteringskool was, terwyl 79.4 persent een of meer vorige oortredings gehad het (23, bl. 25). Die 395 Kleurlingjeugoortreders het altesaam op 1,215 oortredings tereggestaan, dit wil sê elkeen op gemiddeld 3. 1 oortredings.

5.3.2 Ouderdom by eerste verskyning in 'n hof

In onderstaande tabel 5. 11 word aangetoon hoe oud die 395 oortreders wat voor verwysing na die verbeteringskool weens misdaad skuldig bevind is, tydens hul eerste verskyning in 'n hof was.

TABEL 5.11

DIE OUDERDOM VAN 395 OORTREDERS MET HUL EERSTE VERSKYNING VOOR 'N HOF

| Ouderdom | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 12 jaar of jonger | 24.3 | 96 |
| 13 - 14 jaar | 26.6 | 105 |
| 15 - 16 jaar | 38.0 | 150 |
| 17 jaar of ouer | 11.1 | 44 |
| Totaal | 100.0 | 395 |

Volgens tabel 5. 11 was die grootste enkele groep oortreders tussen vyftien en sestien jaar oud tydens hul eerste skuldigbevinding en dit is opvallend dat 'n groot groep, naamlik 24.3 persent, slegs twaalf jaar of jonger tydens hulle eerste verskyning in die hof was.

5.3.3 Tydperk tussen eerste skuldigbevinding en verwysing na 'n verbeteringskool

Die tydperk tussen die oortreders se eerste skuldigbevinding en hulle verwysing na 'n verbeteringskool word in tabel 5. 12 uiteengesit.

TABEL 5.12

DIE TYDPERK TUSSEN DIE EERSTE SKULDIGBEVINDING EN VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL VAN 395 OORTREDERS

| Tydperk in maande | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 12 maande of minder | 38.2 | 151 |
| 13 - 24 | 26.6 | 105 |
| 25 - 36 | 14.7 | 58 |
| 37 - 48 | 11.6 | 46 |
| 49 of meer | 8.9 | 35 |
| Totaal | 100.0 | 395 |

35/.........

Uit tabel 5.12 blyk dit dat 38.2 persent van die betrokke oortreders binne 'n jaar na hul eerste skuldigbevinding in 'n hof na die verbeteringskool verwys is. Ongeveer twee derdes is binne twee jaar na die eerste skuldigbevinding verwys. Laasgenoemde syfer is ongeveer dieselfde as wat J.M. Lötter by Blanke jeugoortreders gevind het (10, bl. 41). J.D. Venter het weer ten opsigte van Bantoeverbeteringskoolleerlinge vasgestel dat 54.4 persent binne twee jaar na die eerste misdaad in die verbeteringskool opgeneem is (23, bl. 25).

5.3.4 Vonnisse voor verwysing

Verskillende vonnisse, waarvan die algemeenste lyfstraf was, is die jeugoortreders voor verwysing opgelê. Van die 395 jeugoortreders wat een of meer oortredings voor verwysing begaan het, is 95.7 persent tot lyfstraf gevonnis.

5.4 INRIGTINGSVERSORGING

Voor hul verwysing na die verbeteringskool is 'n aantal van die oortreders weens misdaad, verwaarlosing, armoede en onbeheerbaarheid as sorgbehoewend verklaar en na weeshuise, hostels en/of die Otterynywerheidskool verwys.

5.4.1 Die omvang van inrigtingsbehandeling

Die mate waarin die oortreders voor verwysing na die Porterverbeteringskool in inrigtings versorg is, word in tabel 5.13 uiteengesit.

TABEL 5.13

DIE GETAL INRIGTINGS WAARIN DIE OORTREDERS VERSORG IS

| Getal inrigtings | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 83.3 | 355 |
| 1 | 14.3 | 61 |
| 2 | 1.9 | 8 |
| 3 | 0.5 | 2 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Verreweg die meeste oortreders, naamlik 83.3 persent is nie vool hul opname in die Porterverbeteringskool na inrigtings verwys nie.

Hierdie groep Kleurlingjeugoortreders is in 'n veel geringer mate voor verwysing in inrigtings behandel as in die geval van die Blanke oortreders in J.M. Lötter se ondersoek. Die skrywer het naamlik vasgestel dat bykans die helfte (49.2%) van die Blankes in nywerheidskole en ander inrigtings was alvorens hulle in die verbeteringskool opgeneem is (10, bl. 43). Hierby moet natuurlik genoem word dat daar meer inrigtings bestaan het waarheen Blanke jeugoortreders gestuur kon word. Dit moet onthou word dat 'n geselekteerde groep oortreders wat reeds voor verwysing misdaad gepleeg het, by die huidige ondersoek ingesluit is en dat 'n groep oortreders wat weens wangedrag uit nywerheidskole na die verbeteringskool oorgeplaas is, om redes in hoofstuk 1, afdeling 2 genoem, nie in die

36/.........

ondersoek opgeneem is nie.

5.4.2 Die aard van die inrigtings

Die verskillende soorte inrigtings waarin die oortreders behandeling ontvang het, word in tabel 5. 14 uiteengesit.

TABEL 5. 14

DIE TIPE INRIGTINGS WAARIN DIE 71 BETROKKE OORTREDERS BEHANDEL IS

| Inrigtings | Persentasie (van 71) | Getal |
|---|---|---|
| Nywerheidskool | 16.9 | 12 |
| Weeshuis | 28.2 | 20 |
| Hostel | 71.8 | 51 |

Volgens die tabel het 16.9, 28.2 en 71.8 persent van die oortreders onder andere in nywerheidskole, weeshuise en gesertifiseerde hostelle behandeling ontvang. Die som van hierdie persentasies kom op meer as 100 te staan, aangesien sommige oortreders in meer as een tipe inrigting aangehou is.

5.4.3 Ouderdom by eerste verwydering uit die ouerhuis

Tabel 5. 15 toon op watter leeftyd die betrokke 71 oortreders vir die eerste keer uit hul ouertuistes verwyder en in 'n inrigting opgeneem is.

TABEL 5.15

DIE OUDERDOM WAAROP 71 OORTREDERS UIT HUL OUERTUISTES VERWYDER EN NA INRIGTINGS VERWYS IS

| Ouderdom in jare | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Onder 9 | 5.6 | 4 |
| 10 - 12 | 31.0 | 22 |
| 13 - 15 | 39.4 | 28 |
| 16 of ouer | 12.7 | 9 |
| Onbekend | 11.3 | 8 |
| Totaal | 100.0 | 71 |

Vyf punt ses persent van die 71 oortreders was nege jaar of jonger by eerste verwysing na 'n inrigting, 31.0 persent was tussen tien en twaalf jaar, 39.4 persent tussen dertien en vyftien, terwyl 12.7 persent sestien jaar oud of ouer was. Ongelukkig ontbreek die gegewens ten opsigte van 11.3 persent van die oortreders. Hierdie ouderdomme is dié waarop die oortreders vir die eerste keer verwys is, maar baie het vroeër reeds onder die aandag van die owerhede gekom en is byvoorbeeld onder toesig van proefbeamptes geplaas.

37/........

5.4.4 Tydperk in die verskillende inrigtings aangehou

In onderstaande tabel word aangetoon vir hoe lank die 71 oortreders altesaam in die verskillende inrigtings aangehou is.

TABEL 5.16
DIE TYDPERK WAT DIE 71 OORTREDERS IN VERSKILLENDE INRIGTINGS VOOR VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL AANGEHOU IS

| Tydperk in maande | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 12 maande of minder | 54.9 | 39 |
| 13 - 24 | 15.5 | 11 |
| 25 - 36 | 15.5 | 11 |
| 37 - 48 | 8.5 | 6 |
| 49 + | 5.6 | 4 |
| Totaal | 100.0 | 71 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat die grootste persentasie van die 71 oortreders vir 'n totale tydperk van tot twaalf maande in die verskillende inrigtings aangehou is.

5.5 SAMEVATTING

'n Aansienlike persentasie van die oortreders het hulle voor verwysing aan verskillende vorms van wangedrag skuldig gemaak. So het stokkiesdraai by 24.9 persent, weglopery van tuiste by 38.5 persent, slegte of swak maats by 61.3 persent, leeglêery of werkverlating by 78.2 persent, onbeheerbaarheid by 74.9 persent, drankmisbruik by 8.9 persent en daggarook by 11.5 persent van die oortreders voorgekom. Deurdat die afwykings moeilik waarneembaar is, is hierdie syfers moontlik laer as die werklike omvang.

Slegs 31 of 7.3 persent van die oortreders het geen vorige bekende oortredings voor hul verwysing na die verbeteringskool gepleeg nie. Die ander 395 of 92.7 persent van die gevalle het op 1,215 afsonderlike oortredings of gemiddeld 3.1 oortredings per oortreder tereggestaan.

Diefstal (74.9%), inbraak (47.3%) en aanranding (14.4%) het onder andere die meeste as enkele misdade by die oortreders voorgekom.

Die gemiddelde ouderdom van die 395 oortreders met hul eerste verskyning voor 'n hof was tussen 15 en 16 jaar, terwyl 12 maande en minder verloop het tussen hulle eerste skuldigbevinding en verwysing na die verbeteringskool. Vyf-en-negentig punt sewe persent van die oortreders wat voor verwysing vonnisse opgelê is, is tot lyfstraf gevonnis.

Van die 71 oortreders wat voor verwysing na 'n verbeteringskool na 'n ander inrigting verwys is, was die meeste met hul eerste verwydering uit hul ouerhuise jonger as 15 jaar oud. Die grootste groep naamlik 54.9 persent, is 12 maande of minder in hierdie inrigtings aangehou.

Uit die gegewens in hierdie hoofstuk blyk dit dat die jeugoortreders van die Porterverbeteringskool hulle voor verwysing na die verbeteringskool aan ernstige wangedrag skuldig gemaak het wat sodanig was dat 'n aantal van die jeugoortreders voor hul verwysing in ander inrigtings aangehou moes word.

# HOOFSTUK 6

## VERWYSING NA DIE VERBETERINGSKOOL

Die wyse waarop 'n jeugoortreder tot 'n verbeteringskool toegelaat kan word, asook die redes vir verwysing van die oortreders wat in die huidige ondersoek betrokke is, word in hierdie hoofstuk bespreek.

## 6.1 MANIERE VAN VERWYSING

Die ondersoek is onderneem toe die Kinderwet, Wet 31 van 1937, [1)] nog van toepassing was. Genoemde wet onderskei drie maniere waarop 'n jeugoortreder in 'n verbeteringskool opgeneem kan word:

(i) Deur 'n direkte vonnis van 'n hof - artikel 103(1)(f):
„Een hof waarin iemand die minder dan negentien jaren oud is, aan een of andere overtreding schuldig bevonden is geworden, kan, in plaats van hem wegens die overtreding te straffen (doch behoudens de bepalingen van sub-artikel (1) van artikel drie honderd acht en dertig) ...... bevelen dat hij verwezen worde naar een zoals voormeld omschreven verbeteringshuis."

(ii) Deur oorplasing vanaf 'n ander kinderwetinrigting of vanuit wetlike opgelegde beheer of toesig - artikel 47(1):
„Behoudens die bepalings van sub-artikel (3), mag die Minister by skriftelike bevel, 'n leerling of kind oorplaas van 'n gestig waarna hy deur een of ander gesag wettig verwys is of van 'n bewaring waarin, of 'n beheer of toesig waaronder hy deur een of ander gesag wettig geplaas is, na 'n gestig waarna daardie gesag hom wettig sou kon verwys het of na 'n bewaring waarin of onder 'n beheer of toesig waaronder daardie gesag hom wettig sou kon verwys het."

(iii) Deur oorplasing vanuit 'n gevangenis of tronk na 'n verbeteringskool - artikel 47(5):
„Die Minister van Justisie mag, na raadpleging met die Minister, by skriftelike bevel iemand onder die leeftyd van een-en-twintig jaar, wat in 'n gevangenis of tronk gevangenisstraf ondergaan, waarvan die onverstreke tydperk nie minder as vier maande bedra nie, na 'n verbeteringshuis of na 'n gesertifiseerde tehuis oorplaas, en vanaf die datum van die bevel-

39/......

1) Hierdie Wet is sedertdien met die nuwe Kinderwet, Wet 33 van 1960, vervang.

skrif word bedoelde persoon geag na daardie verbeteringshuis of gesertifiseerde tehuis gestuur te wees kragtens artikel drie-honderd-en-vyftig van die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917" (soos gewysig deur artikel honderd-en-drie van hierdie Wet)."

Die wyse waarop die oortreders tot die verbeteringskool toegelaat is, word in tabel 6.1 uiteengesit.

TABEL 6.1

DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS IN DIE ONDERHAWIGE ONDERSOEK NA DIE VERBETERINGSKOOL VERWYS IS

| Aard van verwysing | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Direk deur howe verwys | 93.4 | 398 |
| Uit nywerheidskool oorgeplaas | 2.3 | 10 |
| Uit gesertifiseerde inrigtings of proefbeamptetoesig oorgeplaas | 4.2 | 18 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Dit blyk uit bostaande tabel dat die meeste van die oortreders, naamlik 93.4 persent, direk deur die howe na die verbeteringskool verwys is, 'n verdere 2.3 persent is vanaf Otterynywerheidskool [1] na die verbeteringskool oorgeplaas, terwyl 4.2 persent vanaf ander inrigtings of uit die toesig van 'n proefbeampte oorgeplaas is. J.M. Lötter het in sy ondersoek na Blanke verbeteringskoolleerlinge gevind dat 73.0 persent direk deur die howe gevonnis is, terwyl 20.6 persent vanaf nywerheidskole oorgeplaas is (10, bl. 47). 'n Verklaring vir die groot verskil tussen die persentasies van Blankes en Kleurlinge wat uit nywerheidskole na die verbeteringskool verwys is, lê waarskynlik grootliks daarin dat Lötter ook gevalle wat weens wangedrag vanaf nywerheidskole na Constantia oorgeplaas is, by sy ondersoek ingesluit het, terwyl dergelike gevalle wat voor hul verlating van die inrigting nie misdaad gepleeg het nie, soos blyk uit hoofstuk 1, afdeling 2, nie in die huidige ondersoek betrek is nie.

## 6.2 MISDAAD WAARVOOR VERWYS

Afgesien van die 398 gevalle wat direk deur die howe na die verbeteringskool verwys is, was daar 'n verdere drie gevalle wat weens misdaad uit ander inrigtings na die verbeteringskool oorgeplaas is.

In tabel 6.2 word aangetoon welke persentasie van die 401 oortreders wat wel weens misdaad na die inrigting verwys is, van die verskillende misdade gepleeg het.

40/.........

[1] Ten tye van die ondersoek die enigste nywerheidskool vir Kleurlingseuns.

Daar is natuurlik oortreders wat vanweë slegs een misdaad in die inrigting opgeneem is.

TABEL 6.2

DIE AARD VAN MISDAAD VOLGENS GETAL AANKLAGTE BY 401 OORTREDERS WAT AS GEVOLG VAN MISDAAD TOT DIE VERBETERINGSKOOL GEVONNIS OF OORGEPLAAS IS 1)

| Misdaad | Getal oortreders volgens die getal aanklagte | | | | | | | | | | Deelname van 401 oortreders | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | % | Getal |
| Diefstal | 151 | 10 | 2 | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | 41.6 | 167 |
| Inbraak | 120 | 27 | 13 | 5 | 4 | 2 | - | 2 | - | 4 | 44.1 | 177 |
| Verkragting | 13 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3.5 | 14 |
| Roof | 21 | 4 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | 6.7 | 27 |
| Moord en manslag | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.7 | 7 |
| Aanranding | 21 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6.0 | 24 |
| Eiendomsbeskadiging | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.2 | 5 |
| Daggarook en dronkenskap | 9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2.2 | 9 |
| Ander | 12 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3.2 | 13 |

Misdade wat die algemeenste voorgekom het, was diefstal en inbraak. Volgens tabel 6.2 het 41.6 en 44.1 persent van die oortreders onderskeidelik deel aan hierdie tipes misdaad gehad. Die oortreders het in 'n veel geringer mate deel aan misdade waarby geweld betrokke was, soos byvoorbeeld verkragting (3.5%) roof (6.7%) en aanranding (6.0%) gehad. Ekonomiese misdrywe was dus die populêrste, maar dit word opgemerk dat die Kleurlingoortreders weens meer geweldsmisdade as Blanke en Bantoe-oortreders verwys is. J.M. Lötter wys byvoorbeeld daarop dat slegs 1.0 en 2.9 persent van die Blanke jeugoortreders deur hom ondersoek respektiewelik weens aanranding en roof verwys is (10, bl. 49). J.D. Venter het in sy ondersoek van 500 Bantoejeugoortreders gevind dat 80.0 persent weens ekonomiese misdade na die verbeteringskool verwys is, terwyl die voorkoms van roof (3.8%) en aanranding (3.2%), dit wil sê geweldsmisdade, laer was as by die Kleurlingjeugoortreders, maar hoër as by die Blanke jeugoortreders, soos vasgestel deur J.M. Lötter (23,bl.26).

Die 401 oortreders het altesaam op 736 aanklagte tereggestaan, dit wil sê elkeen op gemiddeld 1.84 aanklagte. J.M. Lötter het bevind dat by die Blanke jeugoortreders elkeen weens gemiddeld 2.61 aanklagte verwys is (10, bl. 49). 'n Verklaring vir dié verskil in die gemiddelde getal aanklagte lê moontlik daarin dat die Kleurlinge jonger en dus moontlik nie so gehard as die Blanke jeugoortreders was nie (kyk hoofstuk 3 paragraaf 1).

41/.........

1) Sien voetnoot (1) by tabel 5.8

## 6.3 OORPLASING

Agt-en-twintig oortreders is vanaf die nywerheidskool en ander kinderwetinrigtings of uit die toesig van 'n proefbeampte na die Porterverbeteringskool oorgeplaas. Drie van die oortreders is oorgeplaas as gevolg van misdade wat hulle in die inrigtings, of terwyl hulle uit daardie inrigtings gedros het, gepleeg het. By die res was daar 'n reeks ander faktore soos byvoorbeeld weglopery, mishandeling van ander kinders, seksuele wangedrag en kleiner diefstalle wat tot oorplasing aanleiding gegee het.

## 6.4 SAMEVATTING

Altesaam 93.4 persent van die oortreders is direk deur die howe na die verbeteringskool verwys, terwyl 2.3 persent uit 'n nywerheidskool oorgeplaas is en 4.2 persent uit gesertifiseerde inrigtings, of uit die toesig van proefbeamptes oorgeplaas is.

Afgesien van die 398 gevalle wat direk deur die howe verwys is, is 'n verdere 3 oortreders as gevolg van misdade wat in ander gesertifiseerde inrigtings gepleeg is, na die inrigting oorgeplaas.

Van die 401 oortreders het 44.1 persent hulle onder andere skuldig gemaak aan inbraak en 41.6 persent onder andere aan diefstal. Geweldsmisdade soos roof en aanranding het onder andere by 6.7 en 6.0 persent respektiewelik voorgekom.

Die 401 oortreders wat as gevolg van misdaad na die inrigting verwys is, het altesaam op 736 aanklagte tereggestaan, dit wil sê elkeen op gemiddeld 1.84 aanklagte.

By die oorplasing van die 25 oortreders uit gesertifiseerde inrigtings het faktore soos byvoorbeeld weglopery, mishandeling van ander kinders, seksuele wangedrag en kleiner diefstalle aanleiding tot oorplasing gegee.

# HOOFSTUK 7

# DIE OORTREDER IN DIE VERBETERINGSKOOL

Terwyl die oortreder in die inrigting aangehou word, ontvang hy opleiding en behandeling met die oog op sy rehabilitasie. Sy uitplasing met vergunning, of ontslag uit die inrigting hang af van die vordering en aanpassing wat hy maak. Dit is moontlik dat diegene wat in die inrigting die beste vordering en aanpassing toon, ook na behandeling die beste by die gemeenskap sal inskakel.

## 7.1 INRIGTINGSOORTREDINGS

Om dissipline en orde in 'n inrigting te verseker, is daar sekere reëls en regulasies wat die oortreders moet gehoorsaam. Die doel van hierdie reëls is nie alleen om beperkinge op die inwoners te lê nie, maar ook die opvoedkundige waarde daarvan as deel van die heropvoedingsproses van die inwoners.

In die jaarverslag van die Porterverbeteringskool van 1955, word gemeld dat gebrek aan behoorlike toesig en 'n ongekontroleerde lewenswyse 'n baie belangrike bydraende faktor tot die misdaadloopbaan van die leerlinge is. Die jeugoortreder se lewe is gekenmerk deur losbandigheid, ongehoorsaamheid en wetteloosheid. Skool- en ambagsopleiding sonder die aanvaarding van sosiaal aanneembare gedrag soos onderwerping aan regulasies, respektering van ander se eiendom en idees, die stel van groepbelange bo eiebelang, ens., sal nie veel nut hê nie. Die kind se hele persoonheid moet opgebou word en bloot die tuisbring van 'n gereguleerde en gekontroleerde lewenswyse is al dikwels genoeg om positiewe resultate af te werp (29, bl. 84).

### 7.1.1 Die omvang van die inrigtingsoortredings

Waar daar so 'n groot verskeidenheid reëls moet bestaan om die organisasie van die verbeteringskool vlot te laat verloop, kan verwag word dat die personeel dikwels met die verbreking van die reëls te doen sal kry. Die omvang van die inrigtingsoortredings word in tabel 7.1 uiteengesit.

TABEL 7.1

DIE GETAL INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR DIE OORTREDERS TYDENS HUL VERBLYF IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN

| Getal oortredings | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 6.1 | 26 |
| 1 tot 2 | 19.2 | 82 |
| 3 tot 4 | 13.4 | 57 |
| 5 tot 6 | 11.5 | 49 |
| 7 tot 8 | 8.5 | 36 |
| 9 tot 10 | 7.5 | 32 |
| 11 tot 12 | 4.7 | 20 |
| 13 tot 14 | 5.6 | 24 |
| 15 of meer | 23.5 | 100 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Blykens bostaande tabel het 23.5 persent 15 of meer oortredings in die inrigting begaan, terwyl 19.2 persent een of twee gehad het. Slegs 6.1 persent het geen inrigtingsoortredings begaan nie. Die 400 oortreders wat wel inrigtingsoortredings begaan het, het tesame ongeveer 3,271 oortredings of gemiddeld 8.1 oortredings elk gepleeg.

7.1.2 Die aard van die inrigtingsoortredings

In tabel 7.2 word aangetoon wat die aard van die verskillende tipes inrigtingsoortredings wat begaan is, was.

TABEL 7.2

DIE AARD VAN DIE INRIGTINGSOORTREDINGS DEUR 400 OORTREDERS TYDENS HUL VERBLYF IN DIE VERBETERINGSKOOL BEGAAN

| Inrigtingsoortredings | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Weglopery en poging tot weglopery | 68.8 | 275 |
| Dobbel | 19.3 | 77 |
| Diefstal | 41.0 | 164 |
| Dissiplinêre oortredings [1] | 69.5 | 278 |
| Daggarook en smokkel | 18.3 | 73 |
| Aanranding | 34.3 | 137 |
| Rookoortredings | 36.8 | 147 |
| Beskadiging van eiendom | 18.5 | 74 |
| Seksoortredings | 17.0 | 68 |

Dissiplinêre oortredings het die meeste voorgekom, naamlik onder andere by 69.5 persent, terwyl weglopery en poging tot weglopery by onder andere 68.8 persent voorgekom het. Diefstal,

44/..........

[1] Dissiplinêre oortredings sluit onder andere die volgende in: swak dril, laat uitbly uit hostel, leuens vertel, jongeres afknou, nie bevele gehoorsaam nie, opstandigheid, koppigheid, traagheid om te werk.

rookoortredings en aanranding het onder andere by 41.0, 36.8 en 34.3 persent onderskeidelik voorgekom, terwyl die voorkoms van dobbel 19.3 persent, beskadiging van eiendom 18.5 persent, daggarook en smokkel 18.3 persent en seksoortredings 17.0 persent was.

7.1.3 Tydperk in strafkoshuise deurgebring

By die verbeteringskool is daar twee strafkoshuise waarheen oortreders wat sekere inrigtingsoortredings gepleeg of herhaaldelik gepleeg het, gestuur word. Diegene met minder ernstige oortredings word in Orphenhuis aangehou, terwyl die met ernstige inrigtingsoortredings na Westlake gestuur word.

Van die 426 oortreders was 400 oortreders gedurende hul aanhouding in een of albei van die strafkoshuise. Die duur van die aanhouding van die oortreders in die twee strafkoshuise word in tabel 7.3 uiteengesit.

TABEL 7.3

DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN STRAFKOSHUISE AANGEHOU IS

| Tydperk in weke | Orphen | | Westlake | |
|---|---|---|---|---|
| | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal |
| Onder 4 weke | 7.2 | 29 | 6.3 | 25 |
| 5 - 8 | 7.8 | 31 | 8.5 | 34 |
| 9 - 12 | 8.0 | 32 | 6.0 | 24 |
| 13 - 16 | 5.0 | 20 | 4.0 | 16 |
| 17 - 20 | 6.8 | 27 | 2.2 | 9 |
| 21 - 24 | 8.5 | 34 | 3.2 | 13 |
| 25 - 28 | 4.2 | 17 | 1.8 | 7 |
| 29 - 32 | 3.5 | 14 | 2.5 | 10 |
| 33 + | 26.0 | 104 | 15.0 | 60 |
| Geen | 23.0 | 92 | 50.5 | 202 |
| Totaal | 100.0 | 400 | 100.0 | 400 |

Wat onmiddellik van die tabel opval, is dat byna 'n kwart (23.0%) van die oortreders nooit in Orphenhuis was nie en dat 49.5 persent wel in Westlake aangehou is. Verder ook dat 26.0 persent en 15.0 persent onderskeidelik vir 33 of meer weke in bogenoemde twee inrigtingskoshuise aangehou is.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die jeugoortreders van die Porterverbeteringskool oor wie die ondersoek gaan, benewens hul misdadige gedrag voor opname, ook nog 'n rekord van inrigtingsoortredings opgebou het. Dit is dus duidelik dat die verbeteringskool met die geharde tipe oortreder te doen het. Teen hierdie agtergrond moet die sukses wat in hierdie inrigting met jeugoortreders behaal word, gesien word.

## 7.2 MISDADE GEPLEEG TERWYL DIE OORTREDERS NOG IN DIE INRIGTING WAS

In die vorige afdeling is verwys na die inrigtingsoortredings wat deur leerlinge van Porterverbeteringskool binne die grense van die inrigting gepleeg is. Sommige van die leerlinge het, terwyl hulle nog onder die direkte beheer van die inrigting was, hoofsaaklik misdade buite die inrigting gepleeg, waarvoor hulle voor 'n hof gedaag en skuldig bevind is.[1] Hierdie misdade word kortliks in hierdie afdeling ontleed.

Die meeste misdade wat hieronder bespreek sal word, is aan leerlinge in die uitplasingshostels toe te skrywe. Oortreders wat van goeie gedrag is en wat die inrigting soms onmoontlik vind om in goeie tuistes en goeie omgewings uit te plaas, word soms uit die hoofinrigting na uitplasingshostelle oorgeplaas en toegelaat om buite die inrigting te werk. Dergelike oorplasing moet nie met uitplasing met vergunning verwar word nie, aangesien 'n leerling in 'n uitplasingshostel nog onder die direkte beheer van die inrigting verkeer en, byvoorbeeld weens swak gedrag of werkloosheid, sonder die goedkeuring van hoër gesag, deur die inrigting vanaf die uitplasingshostel na die hoofinrigting teruggeplaas kan word. Dit is duidelik dat 'n betreklike groot groep van die leerlinge van die mate van vryheid wat hulle in die uitplasingshostelle verleen is, misbruik gemaak het.

### 7.2.1 Omvang van misdaad, volgens aanklagte, deur oortreders wat nog in die inrigting aangehou is, gepleeg

Misdaad wat oortreders , terwyl hulle nog onder direkte beheer van die inrigting was, gepleeg het, word in tabel 7.4 ontleed.

TABEL 7.4

DIE GETAL OORTREDINGS WAT DEUR LEERLINGE WAT NOG ONDER DIE DIREKTE BEHEER VAN DIE INRIGTING WAS, GEPLEEG IS

| Aanklagte | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 87.3 | 372 |
| 1 | 11.0 | 47 |
| 2 | 1.6 | 7 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Blykens tabel 7.4 het 12.6 persent van die oortreders, terwyl hulle nog in die hoof- of ander inrigtings van die Porterverbeteringskool was, oortredings begaan.

### 7.2.2 Aard van die misdaad deur oortreders tydens aanhouding in Porterverbeteringskool, gepleeg

Die aard van die misdaad wat deur die betrokke 54 oortreders gepleeg is, word in tabel 7.5 aangedui.

46/........

1) Misdaad deur weglopers word nie hier bespreek nie maar wel in afdeling 3.4 van hierdie hoofstuk.

TABEL 7.5

DIE MISDADE WAT DEUR 54 OORTREDERS GEPLEEG IS TERWYL HUL NOG IN DIE INRIGTING WAS

| Misdaad | Getal oortreders volgens getal aanklagte 1 | 2 | Persentasie | Getal |
|---|---|---|---|---|
| Diefstal | 13 | 1 | 25.9 | 14 |
| Inbraak | 5 | - | 9.3 | 5 |
| Verkragting | 4 | - | 7.4 | 4 |
| Roof | 4 | - | 7.4 | 4 |
| Aanranding | 16 | 1 | 31.5 | 17 |
| Eiendomsbeskadiging | 6 | - | 11.1 | 6 |
| Daggarook en smokkel | 5 | - | 9.3 | 5 |
| Ander | 8 | - | 14.8 | 8 |

Die meeste betrokke oortreders is onder andere weens aanranding (31.5%) en diefstal (25.9%) gevonnis.

## 7.3 WEGLOPERY

Weglopery uit die inrigting stel die oortreder aan groot gevare bloot en skep 'n ernstige probleem vir die moderne verbeteringskool. Aangesien die moderne verbeteringskool gewoonlik 'n „oop" inrigting is, dit wil sê die leerlinge word nie tussen hoë mure ingehok en bewaak nie, is dit gewoonlik betreklik maklik vir die vasberade oortreder om hom uit die voete te maak.

### 7.3.1 Die omvang van weglopery

Die omvang van weglopery word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 7.6

DIE OMVANG VAN WEGLOPERY UIT DIE INRIGTING BY DIE OORTREDERS

| Kere weggeloop | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 35.4 | 151 |
| 1 | 19.5 | 83 |
| 2 | 15.3 | 65 |
| 3 | 15.5 | 66 |
| 4 | 8.9 | 38 |
| 5 of meer | 5.4 | 23 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens tabel 7.6 het slegs 35.4 persent van die oortreders nooit weggeloop nie, terwyl 19.5 persent een keer, 15.3 persent twee keer, 15.5 persent drie keer, 8.9 persent vier keer en 5.4 persent selfs vyf of nog meer kere weggeloop het.

Weglopery is natuurlik 'n verskynsel wat algemeen by verbeteringskoolleerlinge voorkom. J.M. Lötter, in sy ondersoek na leerlinge van die Constantiaverbeteringskool, het bevind dat 44.9 persent van die 544 Blanke jeugoortreders nooit weggeloop het nie, terwyl 55.1 persent een of meer kere gedros het (11, bl. 304).

7.3.2 Tydsduur tussen weglopery en heropname

In onderstaande tabel word die tydsduur tussen ontsnapping en heropname by 584 gevalle van weglopery aangedui. Weglopery wat nie deur heropname gevolg is nie, is nie hier in berekening gebring nie.

TABEL 7.7

DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN VRYHEID VERKEER HET TUSSEN WEGLOPERY EN HEROPNAME

| Duur van vryheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Minder as een dag | 26.0 | 152 |
| 1 tot 6 dae | 19.7 | 115 |
| 1 tot 3 weke | 15.6 | 91 |
| 4 tot 10 weke | 17.8 | 104 |
| 11 tot 20 weke | 9.1 | 53 |
| 21 tot 30 weke | 6.0 | 35 |
| 31 weke of meer | 5.8 | 34 |
| Totaal | 100.0 | 584 1) |

Blykens bostaande tabel is 26.0 persent van die oortreders binne een dag na ontsnapping na die inrigting teruggebring, 19.7 persent na verloop van een tot ses dae, terwyl 5.8 persent vir 31 weke en meer in vryheid was. Meer as die helfte (54.3%) van die weglopers het daarin geslaag om langer as een week in vryheid te verkeer. Dit is duidelik dat dit 'n groot persentasie van die weglopers geluk om 'n geruime tyd in vryheid te verkeer alvorens hulle weer aangekeer en teruggebring is.

7.3.3 Totale tydperk deur weglopers in vryheid deurgebring

Tabel 7.8 toon die totale tydperk wat 252 oortreders wat by een of meer geleenthede gedros het en ten minste by een geleentheid na die inrigting teruggebring is, onwettiglik in vryheid verkeer het. Volgens tabel 7.6 het 275 van die 426 leerlinge by een of meer geleenthede weggeloop, maar aangesien 23 oortreders na hul eerste ontsnapping nie weer in die inrigting opgeneem is nie, geld onderstaande ontleding slegs vir 252 weglopers.

48/..........

1) Elke keer wat 'n leerling weggeloop het, is hy as 'n afsonderlike geval beskou; vandaar die getal 584.

TABEL 7.8

DIE TOTALE TYDPERK DEUR 252 OORTREDERS IN VRYHEID DEURGEBRING AS GEVOLG VAN EEN OF MEER GEVALLE VAN WEGLOPERY

| Duur van vryheid | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Minder as een dag | 13.1 | 33 |
| 1 tot 6 dae | 12.7 | 32 |
| 1 tot 3 weke | 12.3 | 31 |
| 4 tot 10 weke | 19.4 | 49 |
| 11 tot 20 weke | 13.1 | 33 |
| 21 tot 30 weke | 11.1 | 28 |
| 31 weke of meer | 18.3 | 46 |
| Totaal | 100.0 | 252 |

Dit blyk uit tabel 7.8 dat slegs 25.8 persent van die weglopers 'n tydperk van minder as een week onwettiglik buite die inrigting deurgebring het; by 44.8 persent was die tydperk tussen een-en-twintig weke en by 29.4 persent selfs langer as 20 weke. Dit is dus duidelik dat dit 'n aansienlike persentasie van die weglopers geluk om 'n geruime tyd, as gevolg van een of meer keer se weglopery, buite die inrigting te vertoef. Alles wat soms met groot moeite deur die inrigting tot stand gebring word, word dikwels deur hierdie tydperke van vryheid afgebreek.

7.3.4 Misdaad in die tydperk tussen ontsnapping en heropname gepleeg

Daar is reeds vermeld dat weglopery die oortreder aan groot gevare blootstel. Dikwels sonder geld, geskikte kleding en voortvlugtend voor die gereg, word hy feitlik verplig om te oortree ten einde geld, klere en voedsel te bekom. Weglopery hou dus nie alleen 'n gevaar vir die oortreder self in nie, maar is ook 'n gevaar vir die gemeenskap.

7.3.4(a) Omvang van misdaad deur weglopers gepleeg

Die getal aanklagte waarop die 252 weglopers wat ten minste een keer na die inrigting teruggebring is, skuldig bevind is, word in tabel 7.9 aangedui.

TABEL 7.9

DIE GETAL AANKLAGTE WAAROP 252 WEGLOPERS SKULDIG BEVIND IS

| Aanklagte | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 51.2 | 129 |
| 1 | 17.5 | 44 |
| 2 | 12.3 | 31 |
| 3 | 9.9 | 25 |
| 4 of meer | 9.1 | 23 |
| Totaal | 100.0 | 252 |

Dit blyk dat van die 252 betrokke weglopers 51.2 persent, sover bekend, geen misdaad gepleeg het nie en nie weens enige aanklag skuldig bevind is nie. 'n Verdere 17.5 persent is op een aanklag, 12.3 persent op twee, 9.9 persent op drie en 9.1 persent op vier en meer aanklagte skuldig bevind en gestraf. Die 123 weglopers wat wel oortree het, het weens 322 aanklagte, dus gemiddeld op 2.69 aanklagte per geval, tereggestaan.

Indien die totale getal ontsnappings wat tot heropname gelei het, naamlik 584 (kyk tabel 7.7), met die getal aanklagte (322) in verband gebring word, dan blyk dit dat elke afsonderlike geval van weglopery tot gemiddeld 0.57 aanklagte gelei het. Alhoewel hierdie syfer heelwat laer is as wat J.M. Lötter in die geval van Blanke verbeteringskoolleerlinge, naamlik 1.03 oortredings per ontsnapping, aangetref het (11, bl. 60), is dit tog duidelik dat weglopery die gevaar om weer in misdaad te verval, vergroot. Die verklaring vir die verskil tussen Lötter se syfer en dié van hierdie ondersoek lê moontlik daarin dat die Kleurlingoortreders na ontsnapping makliker hulp van familie en vriende kan kry as die Blankes, aangesien eersgenoemde groep meesal uit die Skiereiland, waar die inrigting dan ook geleë is, afkomstig is, terwyl die Blankes weer hoofsaaklik uit Transvaal afkomstig is, terwyl die inrigting naby Kaapstad geleë is.

7.3.4 (b) Die aard van die misdaad deur die weglopers gepleeg

Tabel 7.10 geen 'n aanduiding van die aard van die misdaad, volgens aanklagte verdeel, wat deur die betrokke 123 weglopers gepleeg is.

TABEL 7.10

DIE MISDADE GEPLEEG DEUR 123 WEGLOPERS WAT WEER IN DIE VERBETERINGSKOOL OPGENEEM IS

| Misdaad | Getal oortreders volgens getal aanklagte | | | | | | | | | | Persentasie | Getal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | | |
| Diefstal | 40 | 14 | 6 | - | 3 | - | - | - | - | - | 51.2 | 63 |
| Inbraak | 34 | 16 | 7 | 2 | - | 4 | 1 | - | - | 1 | 52.8 | 65 |
| Verkragting | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.6 | 2 |
| Roof | 7 | 2 | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 8.9 | 11 |
| Aanranding | 6 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 8.1 | 10 |
| Eiendomsbeskadiging | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4.9 | 6 |
| Daggarook en dronkenskap | 6 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5.7 | 7 |
| Ander | 21 | 5 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | 23.6 | 29 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat diefstal en inbraak die grootste persentasie van die misdaad wat deur die weglopers

gepleeg is, uitmaak. Van die weglopers het dan 51.2 persent onder andere diefstal gepleeg, terwyl 52.8 persent onder andere op een of meer aanklagte van inbraak en diefstal skuldig bevind is. Dit is opmerklik dat slegs een van die Kleurlingweglopers tydens hierdie tydperk weens motordiefstal gevonnis is (hierdie geval verskyn teenoor „Diefstal" in bogenoemde tabel), terwyl 52.7 persent van die Blanke verbeteringskoolleerlinge wat weggeloop het, volgens J.M. Lötter, een of meer motors gesteel het (10, bl. 59). Die rede hiervoor is waarskynlik dat die Blanke wegloper langer afstande gehad het om af te lê om na sy tuiste terug te keer as die Kleurlingwegloper en ook omdat die Blankes meer vertroud is met die bestuur van 'n motor as die Kleurlingseuns.

Weereens is in afdeling 3 bewys gelewer van die gehardheid van die jeugoortreders van die Porterverbeteringskool.

## 7.4 MISLUKTE UITPLASING MET VERGUNNING

Artikel 41 van Wet 31 van 1937 (die ou Kinderwet) maak daarvoor voorsiening dat, indien die gedrag van 'n oortreder dit regverdig, die inrigting hom in die sorg van 'n geskikte persoon kan uitplaas. Indien hy hom egter gedurende hierdie tyd aan swak gedrag of misdaad skuldig maak, kan sy vergunning ingetrek en hy na die inrigting teruggebring word.

### 7.4.1 Die omvang van mislukte uitplasings met vergunning

In tabel 7.11 word die omvang van die uitplasing met vergunning en die mislukking van sodanige vergunning aangetoon.

TABEL 7.11

DIE VOORKOMS VAN MISLUKTE UITPLASING MET VERGUNNING BY OORTREDERS

| Vergunning | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Een keer herroep | 23.9 | 102 |
| Twee keer herroep | 1.2 | 5 |
| Nooit herroep nie | 40.1 | 171 |
| Geen vergunning verkry nie | 34.7 | 148 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens bostaande tabel het 34.7 persent van die oortreders nooit die reg om met vergunning uitgeplaas te word, verdien nie, terwyl die vergunning van 40.1 persent wat uitgeplaas is, nooit herroep is nie. Amper 'n kwart, naamlik 23.9 persent, se vergunning is een keer en 1.2 persent s'n twee keer herroep.

7.4.2 Misdaad in die tydperk van uitplasing gepleeg

Terwyl die leerling met vergunning by sy ouers of werkgewers uitgeplaas is, kom hy dikwels in sy ou omgewing in aanraking met sy vroeëre maats en dieselfde omstandighede wat tot sy verval in misdaad aanleiding gegee het. Gedurende sy vergunningstydperk staan hy onder toesig van die volkswelsynbeampte of die nasorgbeampte van die inrigting. Indien hy weer misdaad pleeg, of uiters swak gedrag of werkskuheid openbaar, bring die volkswelsynbeampte dit onder die aandag van die inrigting. Dit gebeur egter soms dat uit die aard van die misdaad, die vordering en gedrag van die leerling en die tydperk voor sy finale ontslag, die volkswelsynbeampte aanbeveel dat die leerling nie na die inrigting teruggestuur moet word nie.

7.4.2(a) Die omvang van misdaad deur oortreders gepleeg terwyl hul met vergunning uitgeplaas was

Die getal aanklagte waarop die 278 oortreders wat wel met vergunning uitgeplaas was, skuldig bevind is, word in tabel 7.12 aangedui.

TABEL 7.12

DIE GETAL AANKLAGTE WAAROP 278 OORTREDERS WAT MET VERGUNNING UITGEPLAAS WAS, SKULDIG BEVIND IS TYDENS TYDPERK VAN VERGUNNING

| Getal aanklagte | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Geen | 73.0 | 203 |
| 1 | 16.2 | 45 |
| 2 | 6.5 | 18 |
| 3 of meer | 4.3 | 12 |
| Totaal | 100.0 | 278 |

Dit blyk dat van die 278 oortreders wat die inrigting op een of meer geleenthede met vergunning verlaat het, 73.0 persent sover bekend, geen misdaad gepleeg het nie. 'n Verdere 16.2 persent is op een aanklag, 6.5 persent op twee en 4.3 persent op drie of meer aanklagte skuldig bevind. Die 75 oortreders het altesaam 129 aanklagte teen hul gehad wat dus gemiddeld 1.7 aanklagte per oortreder beteken.

7.4.2(b) Die aard van die misdaad wat die oortreders gedurende die tydperk van vergunning gepleeg het

In tabel 7.13 word aangetoon wat die aard van die misdaad volgens aanklagte verdeel, was wat die oortreders wat met vergunning uitgeplaas was, gepleeg het.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL



...NSKAPLIKE ...
RESEARCH COU...

TABEL 7.13

DIE MISDADE GEPLEEG DEUR 75 OORTREDERS GEDURENDE DIE TYDPERK VAN MISLUKTE VERGUNNING

| Misdaad | Getal oortreders volgens getal aanklagte | | | Persentasie | Getal |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 en meer | | |
| Diefstal | 28 | 5 | 2 | 46.7 | 35 |
| Inbraak en diefstal | 18 | 3 | 1 | 29.3 | 22 |
| Verkragting | 1 | - | - | 1.3 | 1 |
| Roof | 11 | - | 1 | 16.0 | 12 |
| Moord en manslag | 1 | - | - | 1.3 | 1 |
| Aanranding | 9 | 3 | - | 16.0 | 12 |
| Daggarook en dronkenskap | 2 | - | - | 2.7 | 2 |
| Drankwetoortredings | 2 | - | - | 2.7 | 2 |
| Ander | 7 | 3 | 1 | 14.7 | 11 |

Volgens bostaande tabel blyk dit dat diefstal en inbraak en diefstal die grootste persentasie van die misdaad wat deur die oortreders begaan is, uitmaak, terwyl hulle met vergunning uitgeplaas was. Van die groep het 46.7 persent onder andere diefstal gepleeg, terwyl 29.3 persent onder andere inbraak en diefstal gepleeg het.

## 7.5 ONDERWYSPEIL VAN DIE KLEURLINGJEUGOORTREDERS BY VERLATING VAN DIE INRIGTING

Soos blyk uit tabel 7.16 bly die oortreders vir verskillende tydperke in die inrigting. Verskillende faktore werk saam om die duur van sy verblyf te bepaal. So byvoorbeeld kan 'n leerling wat beter vordering en aanpassing toon, gouer uit die inrigting ontslaan word as wat die geval mag wees by 'n leerling wat nie goeie vordering maak nie. Die opname en ontslag van die leerlinge in die inrigting geskied enige tyd van die jaar. Hierdie onreëlmatige aankoms en vertrek van oortreders bemoeilik die skoolonderrig en vordering van die oortreders.

In tabel 7.14 word aangetoon wat die onderwyspeil van die oortreders by verlating van die inrigting was.

TABEL 7.14

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE OORTREDERS BY VERLATING VAN DIE INRIGTING

| Onderwyspeil | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Grade | 26.5 | 113 |
| St. 1 | 14.8 | 63 |
| St. 2 | 13.8 | 59 |
| St. 3 | 11.0 | 47 |
| St. 4 | 8.9 | 38 |
| St. 5 | 8.2 | 35 |
| St. 6 | 4.9 | 21 |
| St. 7 | 4.0 | 17 |
| Onbekend | 7.7 | 33 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

53/......

36375

Volgens tabel 7.14 blyk dit dat by verlating van die inrigting 26.5 persent van die oortreders in die grade geslaag het, 14.8 persent standerd een, 13.8 persent standerd twee, 11.0 persent standerd drie, 8.9 persent standerd vier en 17.1 persent standerd vyf of hoër standerds. Wat hier dadelik opval, is dat 41.3 persent in die grade en standerd een geslaag het teenoor 67.1 persent wat in die grade en standerd een geplaas is by toelating, 24.8 persent teenoor 17.1 persent in standerds twee en drie en 26.0 persent teenoor 12.2 persent in standerds vier en vyf of hoër (kyk tabel 3.3). Hieruit kan dus afgelei word dat die onderwyspeil van die oortreders ten spyte van die veelvuldige probleme en die feit dat die leerlinge „traag en onwillig (is) om te leer en gedurig aangemoedig moet word", (29, bl. 60), tog verbeter het. As in aanmerking geneem word dat die grootste persentasie leerlinge by toelating reeds 16 jaar oud was (kyk tabel 3.1) teenoor 8-9 jaar as grootste enkele groep by die leerlinge in die gewone skool (27, bl. 39) en slegs 7.1 persent minder as twee jaar in die inrigting was (kyk tabel 7.16), sou verwag word dat die getal leerlinge, veral in die grade, baie minder sou wees as wat werklik die geval was. In die jaarverslag van die Porterverbeteringskool vir 1954 word vermeld dat die skool vir hom (die Kleurlingjeugoortreders) 'n las of ten beste 'n instelling is wat, tesame met ander beperkings en wette wat hom opgelê is by verwysing na 'n verbeteringskool, passief geduld moet word (28, bl. 55).

## 7.6 FINALE VERLATING VAN DIE INRIGTING

### 7.6.1 Maniere van verlating van die inrigting

Vir die doeleindes van die ondersoek, word onderskei tussen vier maniere waarop die oortreders die inrigting verlaat het. Eerstens is daar uitplasing met vergunning. Artikel 104 van die ou Kinderwet bepaal dat 'n oortreder onder sestien jaar by verwysing tot sy agtiende verjaardag aangehou kan word, met toesig tot sy een-en-twintigste verjaardag; 'n oortreder oor sestien maar onder negentien jaar tot een-en-twintig en drie-entwintig jaar respektiewelik en in die geval van oortreders ouer as negentien jaar tot drie-en-twintig en vyf-en-twintig jaar respektiewelik.

Tweedens kan 'n oortreder uit die inrigting ontslaan word sonder dat enige verdere toesig oor hom gehou word. Hierdie gevalle kom voor waar die oortreder ook vir die duur van sy vergunningstydperk weens swak gedrag in die inrigting aangehou word.

Derdens kan oortreders uit die verbeteringskool na ander inrigtings soos nywerheidskole, gesertifiseerde hostelle, inrigtings vir psigotiese gevalle en gevangenisse oorgeplaas word.

Vierdens is daar die onwettige verlating van die inrigting deur ontsnapping sonder dat die oortreder weer teruggebring word.

Die verskillende wyses van verlating van die verbeteringskool deur die ondersoekgroep is in tabel 7.15 saamgevat.

TABEL 7.15

DIE WYSE WAAROP DIE OORTREDERS DIE VERBETERINGSKOOL VERLAAT HET

| Wyse van verlating | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Met vergunning uitgeplaas onder | | |
| (i) toesig van die inrigting | 13.6 | 58 |
| (ii) proefbeamptetoesig | 33.6 | 143 |
| Ontslaan van die bepalings van die Kinderwet | 24.9 | 106 |
| Weggeloop | 25.8 | 110 |
| Oorgeplaas na gevangenis weens misdaad | 2.1 | 9 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Uit die tabel blyk dit dat die grootste persentasie oortreders (47.2%) die inrigting met vergunning verlaat het. Ongeveer 'n kwart (24.9%) is vanuit die inrigting van die bepalings van die Kinderwet onthef, terwyl 'n verdere kwart (25.8%) die inrigting op 'n onwettige manier verlaat het deur weg te loop. Hierdie groep is dus nie deur die inrigting as voldoende gerehabiliteer beskou om met vergunning uitgeplaas te word toe hulle weggeloop het nie. Nege gevalle(2.1%) het voorgekom waar die oortreders deur die polisie uit die inrigting gehaal is en in die hof gevonnis is vir misdade gepleeg terwyl hul weggeloop het, of terwyl hulle in uitplasingshostelle buite die inrigting gewerk het. Indien die oortreding van so 'n aard is dat die oortreder eerder baat by verdere inrigtingsbehandeling sal vind, kan die Minister versoek dat die oortreder na die verbeteringskool teruggestuur word. In die nege gevalle hierbo genoem , was die vonnisse egter vir ernstige misdade of verskeie aanklagte en is swaar vonnisse opgelê.

Wat ook dadelik in die tabel opgemerk word, is die hoë persentasie weglopers (25.8%) wat die inrigting op 'n onwettige manier verlaat het. J.M. Lötter bevind dat by Blanke verbeteringskoolleerlinge 23.3 persent van die oortreders die inrigting vir goed verlaat het deur weg te loop (10, bl. 62).

7.6.2 Die tydperk van aanhouding in die inrigting

Die tydperk wat die oortreder in die inrigting was, word bereken vanaf die datum waarop hy opgeneem is totdat hy dit finaal verlaat het. Dit sluit egter nie die tydperke in wat hy uit die inrigting afwesig was as gevolg van onwettige weglopery, tydperke van mislukte vergunning of tydperke wat hy in die gevangenis deurgebring het nie.

In tabel 7.16 word die werklike tydperk wat hy in die inrigting was, uiteengesit.

TABEL 7.16

DIE TYDPERK WAT DIE OORTREDERS IN DIE VERBETERINGSKOOL AANGEHOU IS

| Tydperk in maande | Persentasie | | Getal |
|---|---|---|---|
| 6 - 11 [1] | 2.1 | 7.1 | 9 |
| 12 - 17 | 1.9 | | 8 |
| 18 - 23 | 3.1 | | 13 |
| 24 - 29 | 16.9 | 30.0 | 72 |
| 30 - 35 | 13.1 | | 56 |
| 36 - 41 | 9.4 | 21.1 | 40 |
| 42 - 47 | 11.7 | | 50 |
| 48 - 53 | 7.7 | 15.5 | 33 |
| 54 - 59 | 7.7 | | 33 |
| 60 of meer | 26.3 | | 112 |
| Totaal | 100.0 | | 426 |

Die aanhoudingstydperk van 'n oortreder hang saam met sy vordering en aanpassing in die inrigting. Indien die inrigting van oordeel is dat 'n oortreder sodanige vordering gemaak het dat die inrigtingsbehandeling nie meer nodig is nie, word so 'n oortreder met vergunning uitgeplaas. Dit hang dus van die oortreder self af of hy die inrigting gouer as die maksimum tydperk sal verlaat, of nie.

Uit tabel 7.16 blyk dit dat meer as 'n kwart van die oortreders, naamlik 26.3 persent, vyf jaar en langer in die inrigting was. Slegs 7.1 persent was minder as twee jaar in die inrigting, 30.0 persent van twee tot drie jaar, 21.1 persent van drie tot vier jaar en 15.5 persent van vier tot vyf jaar.

J.D. Venter het by die Bantoeverbeteringskoolleerlinge vasgestel dat 56.0 persent tot twee jaar in die inrigting was, 23.0 persent van twee tot drie jaar en slegs 2.6 persent langer as vyf jaar (23, bl. 28). Hierteenoor het J.M. Lötter by die groep Blanke verbeteringskoolleerlinge gevind dat 21.7 persent tot twee jaar in die inrigting was, terwyl die grootste enkele groep, naamlik 40.4 persent, tussen 25 en 34 maande in die inrigting aangehou is (10, bl. 62).

56/..........

1) Alleen oortreders wat werklik ses maande en langer in die inrigting was, is by die steekproef ingesluit. Kyk motivering in hoofstuk 1, afdeling 2.

### 7.6.3 Die ouderdom van die oortreders by finale verlating van die inrigting

In tabel 7.17 word aangedui hoe oud die oortreders was toe hulle die inrigting finaal verlaat het.

TABEL 7.17
DIE OUDERDOMME VAN DIE OORTREDERS BY FINALE VERLATING VAN DIE INRIGTING

| Ouderdom in jare | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 15 | 0.7 | 3 |
| 16 | 2.3 | 10 |
| 17 | 3.5 | 15 |
| 18 | 10.6 | 45 |
| 19 | 12.7 | 54 |
| 20 | 22.3 | 95 |
| 21 | 20.2 | 86 |
| 22 | 12.4 | 53 |
| 23 | 13.4 | 57 |
| 24 | 1.9 | 8 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Volgens bogenoemde tabel was die grootste groep oortreders, naamlik 22.3 persent, by finale verlating 20 jaar oud terwyl 20.2 persent 21 jaar oud was. Wat in die tabel opvallend is, is dat 70.2 persent van die oortreders by finale verlating van die inrigting 20 jaar of ouer was. J.M. Lötter het ook gevind dat die grootste groep naamlik 25.2 persent, die inrigting op twintigjarige leeftyd verlaat het; verder ook dat sowat 54.0 persent van die Blanke verbeteringskoolleerlinge by verlating van die inrigting ouer as twintig jaar was (10, bl. 63).

## 7.7 SAMEVATTING

Slegs 26 of 6.1 persent van die oortreders het geen inrigtingsoortredings begaan nie, terwyl die meeste oortreders onder die groep wat 15 en meer oortredings begaan het, geval het. Weglopery en poging tot weglopery het naas die reeks dissiplinêre oortredings die meeste as enkele vorm van inrigtingsoortredings voorgekom. Van die 400 oortreders wat wel inrigtingsoortredings begaan het, was 23.0 persent nie in Orphenhuis nie en 50.5 persent nie in Westlake nie.

Van die oortreders het 12.6 persent misdade begaan, terwyl hulle nog in die sorg van die inrigting was. Aanranding en diefstal was onder andere van die misdade wat die meeste voorgekom het.

Net meer as 'n derde van die oortreders (35.4%) het tydens hul aanhouding nooit weggeloop nie. Die grootste persentasie weglopery deur die oortreders was van korte duur deurdat 26.0

persent minder as een dag weg was en 19.7 persent van een tot ses dae. Slegs 25.8 persent van die weglopers was vir 'n tydperk van minder as een week buite die inrigting, terwyl 44.8 persent tussen een en twintig weke en 29.4 persent selfs langer buite die inrigting was. Van die 252 weglopers wat na die inrigting teruggebring is, het net meer as die helfte (51.2%) gedurende daardie tyd geen misdade gepleeg nie. Diefstal en inbraak het die grootste persentasie van die misdade uitgemaak.

Van die 426 oortreders het 148 of 34.7 persent nooit die reg om met vergunning uitgeplaas te word, verdien nie. By 25.1 persent van die oortreders was hul gedrag gedurende hul vergunningstydperk sodanig dat hulle op een of selfs twee geleenthede na die inrigting teruggebring is.

Van die 278 oortreders wat met vergunning uitgeplaas is, het 27.0 persent in die vergunningstyd misdade gepleeg en wel veral diefstal, inbraak, roof en aanranding.

Met toelating tot die verbeteringskool is 67.1 persent van die oortreders in die grade en standerd een geplaas, 24.8 persent in standerds twee en drie en 26.0 persent in standerds vier of hoër, terwyl by verlating van die inrigting 41.3 persent in die grade en standerd een, 17.1 persent in standerds twee en drie en 12.2 persent in standerds vier of hoër geslaag het. Hieruit moet dus afgelei word dat daar ten spyte van die veelvuldige probleme, tog wel skoolvordering was.

Van die 426 oortreders het die grootste persentasie oortreders (47.2%) die inrigting met vergunning verlaat; 24.9 persent is ontslaan van die bepalings van die Kinderwet; 25.8 persent het weggeloop, terwyl 2.1 persent weens misdaad vanuit die inrigting na 'n gevangenis oorgeplaas is.

Slegs 'n klein persentasie (7.1%) was korter as twee jaar in die inrigting, terwyl 30.0 persent van twee tot drie jaar, 21.1 persent van drie tot vier jaar, 15.5 persent van vier tot vyf jaar en 26.3 persent vyf jaar of langer in die inrigting was. By ontslag was die grootste groep, naamlik 70.2 persent, reeds 20 jaar of ouer gewees.

In die geheel gesien, dui die feite in hierdie hoofstuk, soos op talle ander plekke in die verslag, daarop dat die jeugoortreders van die Porterverbeteringskool 'n geharde tipe is wat selfs onder die strengste toesig voortgaan met wangedrag en dus dat daar min vooruitsig vir hul rehabilitasie is.

58/.......

# HOOFSTUK 8

## DIE SUKSES EN MISLUKKING VAN DIE OORTREDERS NA VERLATING VAN DIE VERBETERINGSKOOL

In hierdie hoofstuk word aangedui watter persentasie van die oortreders, volgens kriteria wat bespreek sal word, volgens die misdaadpatroon in die opvolgtydperk openbaar, as suksesse of mislukkings beskou kan word.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die misdaadpatroon van die residiviste in die opvolgperiode van vyf jaar wat direk op finale verlating van die inrigting volg.

## 8.1 DIE OPVOLGPERIODE

Hierbo is reeds gemeld dat die opvolgperiode oor vyf jaar, direk na finale verlating van die inrigting, gestrek het. Daar is op hierdie opvolgperiode besluit omdat dit die algemeenste in gebruik is en omdat dit in die ondersoeke ten opsigte van die Blanke en Bantoeverbeteringskoolleerlinge waarna meermale verwys is, gebruik is want, aangesien hierdie studie saam met bostaande ondersoeke 'n deel van 'n reeks uitmaak is dit noodsaaklik dat die opvolgperiodes dieselfde is.

Verder is gemeen dat 'n korter periode miskien nie aan die oortreders, veral diegene wat met vergunning uitgeplaas is, voldoende tyd laat om te bewys dat hulle nie weer met die gereg in botsing sal kom nie.

'n Langer opvolgtydperk as vyf jaar daarenteen, is ook as onwenslik beskou. Indien 'n oortreder byvoorbeeld geen misdaad in die eerste sewe of agt jaar na verlating van die inrigting pleeg nie en dan weer 'n misdaad begaan, ontstaan die vraag of hy dan nog as 'n mislukking van die inrigting beskou kan word. Hier kan met ewe veel reg geargumenteer word dat die inrigting in hierdie geval suksesvol was - die patroon van wangedrag en misdaad wat tot verwysing gelei het, is immers vir etlike jare onderbreek-en dat latere misdaad aan 'n etiologiese proses wat van nuuts af aan ontketen is, toe te skrywe is.

Daar is ook bewyse dat 'n opvolgperiode van vyf jaar in die praktyk goed werk. S.B. Zuckerman, A.J. Barron en H.B. Whittier verklaar in hierdie verband dat: „Support for the relative adequacy of the five year follow-up period for this type of longitudinal research appeared to be reflected in the fact that of the entire group, only 8 individuals (2.3%) who committed an offence following their release, did so for the first time more than five years after leaving the institution" (26, bl. 626).

## 8.2 DIE KRITERIA

Die opstel van kriteria van sukses en mislukking word deur die gegewens wat beskikbaar en bruikbaar is oor die gedrag en aanpassing van die oortreder in die opvolgperiode, beperk. Indien volgehoue persoonlike kontak met die oortreder na verlating van die inrigting behou kan word, of, soos die Gluecks dit met groot onkoste gedoen het, persoonlike kontak jare nadat die oortreder die inrigting verlaat het, van nuuts af aan bewerkstellig kan word, is dit moontlik en ook wenslik om 'n stel kriteria daar te stel wat gebruik kan word om benewens kriminaliteit ook die oud-leerlinge se aanpassing in die beroepswêreld, hulle gesin, hulle vryetydsbesteding, en so meer, te beoordeel.

In die huidige ondersoek was dit prakties onmoontlik om persoonlike kontak, jare nadat die oortreders die verbeteringskool finaal verlaat het, op te bou en dit was nodig om van bestaande rekords, naamlik die misdaadrekords (S.A.P. 69) van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro, gebruik te maak. Hierdie rekords gee natuurlik slegs 'n aanduiding van misdaad [1)] wat in die opvolgperiode gepleeg is en nie inligting oor ander aspekte van die oortreder se aanpassing nie. Kriteria is dus so ontwerp dat dit slegs op die graad en omvang van misdaad, indien enige, in die opvolgtydperk toegepas kan word. Die kriteria meet dus nie by benadering al die aspekte van die herinskakeling van die oortreders in die vrye gemeenskap nie; hierdie leemte word erken. Dit toon egter of die oortreder sy misdaadloopbaan gestaak het, wat die primêre oogmerk van die verbeteringskool is, en of hy daarmee voortgegaan het.

Alle gevalle wat in die opvolgperiode weer weens misdaad skuldig bevind is, is egter nie, soos uit die kriteria sal blyk, as mislukkings geklassifiseer nie. Daar is naamlik 'n poging aangewend om diegene wat slegs in 'n ligtere graad oortree het, van die geharde residiviste te skei. Die skeidslyn tussen die gedeeltelike suksesse of gedeeltelike mislukkings moes arbitrêr bepaal word.

Die kriteria kan soos volg gedefinieer word:

1. Suksesse: Die suksesse is gevalle wat, geoordeel na die misdaadrekord, weens geen enkele oortreding in die opvolgperiode skuldig bevind is nie.

60/........

1) Dit geld slegs vir misdaad waarvoor vingerafdrukke geneem kan word, met ander woorde, misdade soos diefstal, seksoortredings, ernstige vorms van aanranding, vervalsing, bedrog, die onwettige handel met drank en so meer. Misdade soos rusverstoring, dronkenskap en verkeersoortredings word gewoonlik nie op die S.A.P. 69 aangedui nie.

2. Gedeeltelike suksesse of gedeeltelike mislukkings: Gevalle wat op hoogstens twee aanklagte skuldig bevind is en deur die hof gewaarsku is, lyfstraf, 'n uitgestelde of opgeskorte vonnis opgelê is, of tot 'n totale boete van hoogstens R40, of as alternatief twee maande gevangenisstraf [1] gevonnis is, is in hierdie kategorie ingedeel. Die •ortreders in hierdie groep het dus hoogstens twee oortredings begaan, terwyl hulle in die opvolgperiode van vyf jaar, vir ten minste vier jaar en tien maande in vryheid verkeer het.

3. Mislukkings: Gevalle wat weens die getal oortredings begaan en/of die vonnisse wat hulle opgelê is, nie by die vorige kategorie ingedeel kan word nie, is as mislukkings geklassifiseer. Hierdie oortreders het dus gewoonlik meermale oortree, oor die algemeen ernstige oortredings begaan en is ook swaarder gestraf as die oortreders wat by die „gedeeltelike mislukkings" geklassifiseer is.

## 8.3 DIE BEVINDINGS IN DIE LIG VAN DIE KRITERIA

Indien die kriteria op die oortreders toegepas word, word 'n verdeling soos in tabel 8.1 verkry.

TABEL 8.1

DIE GROEP OORTREDERS VOLGENS DIE KRITERIA VERDEEL

| Kriterium | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| Suksesse | 19.7 | 84 |
| Gedeeltelike suksesse of gedeeltelike mislukkings | 8.5 | 36 |
| Mislukkings | 71.8 | 306 |
| Totaal | 100.0 | 426 |

Die tabel toon dat slegs 19.7 persent van die oortreders as suksesse gereken kan word. 'n Verdere 8.5 persent was gedeeltelike suksesse (of gedeeltelike mislukkings), terwyl verreweg die grootste persentasie, naamlik 71.8 persent, as mislukkings geklassifiseer is.

61/.........

[1] Dit kon nie bepaal word of hierdie gevalle wel die boete betaal het of die gevangenisstraf uitgedien het nie.

Alhoewel die kriteria wat in hierdie ondersoek gebruik is, nie absoluut ooreenstem met dié wat deur J.D. Venter en J.M. Lötter in hul opvolgstudies van Bantoe- en Blanke ,verbeteringskoolleerlinge onderskeidelik gebruik is nie, is 'n suiwer vergelyking tog moontlik indien die groepe oortreders in slegs twee groepe, naamlik die nie-residiviste (suksesse) en residiviste (gedeeltelike suksesse of mislukkings ingesluit) verdeel word. Dit blyk dan dat 19.7 persent van die Kleurlinge nie-residiviste was, terwyl 80.3 persent weer in misdaad verval het. Hierteenoor het J.D. Venter bevind dat 29.6 persent van 'n groep Bantoe-oudleerlinge van Diepkloof nie misdaad in die opvolgperiode gepleeg het nie, terwyl 70.4 persent residiviste was (23, bl. 31). J.M. Lötter weer, het gevind dat 26.3 persent van sy Blanke gevalle nie weer oortree het nie, terwyl die res, behalwe 3.5 persent ten opsigte waarvan gegewens ontbreek het, residiviste was (10, bl. 70). Die groep Kleurlingoortreders het dus in 'n grotere mate as die Blankes, maar veral die Bantoes, na verbeteringskoolbehandeling weer in misdaad verval.

Teleurstellende resultate met die verbeteringskoolbehandeling van die geharde jeugoortreders is natuurlik nie beperk tot Suid-Afrika nie: P.W. Tappan verklaar dat noukeurige navorsing in Amerika toon dat tussen 65 en 85 persent van jeugdiges wat in nywerheidskole of verbeteringskole aangehou is, misluk (19, bl. 430). Ook is dit nie slegs verbeteringskoolbehandeling wat teleurstellende resultate oplewer nie. In die geval van psigiatriese behandeling, om slegs na een alternatief vir verbeteringskoolbehandeling (wat natuurlik ook psigiatriese behandeling kan insluit), te verwys, is volgens M. Hakeen, nog nooit bewys dat dit beter as enige ander metode van behandeling is nie (14, bl. 106).

## 8.4 DIE OMVANG EN AARD VAN DIE MISDAAD DEUR DIE RESIDIVISTE GEPLEEG

### 8.4.1 Die omvang van die misdaad in die opvolgperiode gepleeg

Tabel 8.2 toon die omvang van die misdaad waaraan die 342 residiviste in die opvolgperiode van vyf jaar skuldig bevind is.

TABEL 8.2

DIE GETAL OORTREDINGS GEDURENDE DIE OPVOLGPERIODE VAN VYF JAAR DEUR 342 RESIDIVISTE GEPLEEG

| Getal oortredings | Persentasie | Getal |
|---|---|---|
| 1 tot 2 | 35.7 | 122 |
| 3 tot 4 | 29.2 | 100 |
| 5 tot 6 | 17.0 | 58 |
| 7 tot 8 | 9.4 | 32 |
| 9 tot 10 | 3.8 | 13 |
| 11 of meer | 5.0 | 17 |
| Totaal | 100.0 | 342 |

62/...........

Volgens tabel 8.2 het 35.7 persent van die residiviste slegs een of twee oortredings begaan, terwyl die res, naamlik 64.3 persent weens drie of meer aanklagte gevonnis is.

Die totale getal aanklagte waarop die 342 residiviste skuldig bevind is, kom op 1,448 te staan, dit wil sê 'n gemiddeld van 4.2 aanklagte per oortreder.

## 8.4.2 Die aard van die misdaad in die opvolgperiode gepleeg

Die aard van die oortredings volgens aanklagte waarop die residiviste skuldig bevind is, word in tabel 8.3 ontleed.

TABEL 8.3

DIE AARD VAN MISDAAD VOLGENS AANKLAGTE EN DEELNAME VAN 342 RESIDIVISTE

